

Storiebundel

AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTALE 1 & 2

GRAAD
3





Storiebundel

GRAAD 3 | KWARTAAL 1 & 2

AFRIKAANS



**Copyright © 2026 National Educational
Collaboration Trust (NECT)**

This work is licensed under a **Creative Commons
Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0
International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license
may be available. For further information, please
contact the publisher at **materials@nect.org.za**.


First edition, 2026




KWARTAAL 1



KAART VAN AFRIKA





Nigerië

Suid-Soedan

Ethiopië

Somalië

Sierra-Leone

Côte d'Ivoire

Ghana

Togo

Kameroen

Sentraal-Afrikaanse Republiek

Uganda

Kenia

Ekwatoriaal-Guinee

Congo

Gaboen

Demokratiese Republiek van die Kongo

Rwanda

Burundi

'n Lewe sonder perke

Tanzanië

Angola

Zambië

Malawi

Namibië

Shamiso se groot reis

Zimbabwe

Botswana

Die beeswagter wat 'leeu' geskree het

uid-Afrika

Lesotho

Die verwoeste klaskamer

Die blou armband

Mosambiek

WÊRELDKAART



Noord-Amerika

Mari Copeny:
Kampvegter vir water

Atlantiese
Oseaan

Stille Oseaan

Suid-Amerika



Willem
se reis



Asië



Hoe Malala vir
opvoeding geveg het



Stille Oseaan

Europa



Afrika



Indiese
Oseaan



Australië



Antarktika

KWARTAAL I VERHALE



1. Shamiso se groot reis

1



2. Willem se reis

15



3. Die verwoeste klaskamer

29



4. Mari Copeny: Kampvegter vir water

43



5. Die blou armband

57



6. Die beeswagter wat 'leeu' geskree het

71



7. 'n Lewe sonder perke

85



8. Hoe Malala vir opvoeding geveg het

99

VERHAAL 1

SHAMISO SE

GROOT REIS

Tema: Ons reis



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Zimbabwe.
- Dit vind plaas in die hede. Die hoofkarakter leer oor die verlede en dink deur die verhaal daaroor na.
- Die verhaal sal u leerders help om meer oor die plek wat Groot-Zimbabwe genoem word, en wat in Zimbabwe is, te leer. Dit is 'n werklike plek.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Shamiso besoek in hierdie verhaal die ruïnes van 'n werklike plek wat Groot-Zimbabwe genoem word.
- Ruïnes is die ou stukkende oorblyfsels van geboue of plekke wat mense lank gelede gebruik het.
- Ruïnes is spesiale plekke wat besoek kan word, want hulle is soos 'n geskiedenis-legkaart: Dit help ons om te leer van hoe die mense in daardie tyd geleef het, wat hulle gebou het, en wat vir hulle belangrik was.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om afleidings te maak terwyl jy lees, en om die verhaal en karakters beter te verstaan.




Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
3, 2	Op pad daarheen stop hulle by 'n plek wat "Groot-Zimbabwe" genoem word. Shamiso het "Groot-Zimbabwe" op die internet opgesoek. Sy het gelees dat dit 'n groot stad en paleis van lank gelede was.	Ek maak die afleiding dat Shamiso nog nooit in Groot-Zimbabwe was nie, want sy lees daaroor op die internet om meer daaroor uit te vind.
7, 1	Die gids neem hulle eers na 'n klein museumpie. "Alles in hierdie museum het uit die ruïnes gekom," sê hulle gids vir hulle.	Museums is plekke waar interessante of waardevolle dinge gehou en bewaar word. Ek maak die afleiding dat Groot-Zimbabwe 'n belangrike plek was, want baie dinge van daar word in die museum gehou.

Shamiso en haar familie het vir maande uitgesien na die skoolvakansie. Hulle gaan vir hulle familie in Zimbabwe kuier.

Op pad daarheen stop hulle by 'n plek wat “Groot Zimbabwe” genoem word. Shamiso het “Groot Zimbabwe” op die internet opgesoek. Sy het gelees dat dit 'n groot stad en paleis van lank gelede was.

“Sjoe! Dit is nou besonders!” dink sy. Sy kon nie wag om die plek van haar voorouers te sien nie.





“Groot Zimbabwe is gebou deur ons Shona-voorouers!” vertel haar pa. “Toe ek ’n kind was, is Zimbabwe, Rhodesië genoem, en dit was deur die Britte geregeer. Die regering wou nie hê mense moes weet dat Afrikane so ’n indrukwekkende paleis gebou het nie!” sê hy.



Toe die familie uiteindelik by Groot Zimbabwe aankom, stop Shamisa se pa die motor en gaan na die kaartjieskantoor. Hy kom terug met hulle kaartjies en 'n toergids.

“Welkom by Groot Zimbabwe,” sê die gids. “Hierdie plek is honderde jare gelede gebou – aan die begin van die 11de eeu!”



Die gids neem hulle eers na 'n klein museumpie.

“Alles in hierdie museum het uit die ruïnes gekom,” sê hulle gids vir hulle.

Eers wys die gids vir hulle agt uitgekerfde beeldjies van voëls. “Hierdie voëls was die simbole van ons antieke konings,” sê hy.

“Kyk – dit is die voël op ons Zimbabwiese vlag!” sê hy terwyl hy na een van die beeldjies wys.



Toe hulle verby die kaste stap, sien Shamisa goue krale en koperdraad.

“Die mense wat hier gebly het, het baie goud gehad,” verduidelik die gids. “En daardie krale kom al die pad van China af!” voeg die gids by terwyl hy na glaskrale binne-in die kas wys. “Dit sê vir ons dat die mense wat hier gewoon het internasionaal handel gedryf het!”

“Sjoe! Dit is nou besonders!” dink Shamiso, en dink aan die juweliersware van haar voorouers.




Toe loop hulle na 'n reusagtige, ronde klipmuur. “Dit is die Groot Skermmuur genoem en dit was die huis van die koninginne!” verduidelik hulle gids. Hy vertel verder, “Zimbabwe is vernoem na hierdie groot struktuur. Zimbabwe beteken groot kliphuis – net soos hierdie een!”



Shamiso se pa buk af en fluister in haar oor: “Hierdie is die grootste klipstruktuur in Afrika – buiten die piramides in Egipte.”

“Sjoe! Dit is nou besonders!” dink Shamiso, en sy dink aan haar voorouers wat groot klipmure bou.



Daarna neem hulle gids hulle na 'n klein dorpie.
“Hierdie dorpie is oorgebou, sodat julle kan sien
hoe huise regtig gelyk het toe mense hier in Groot
Zimbabwe gewoon het!” verduidelik hy.


Hulle sien ook 'n groep dansers. “Hierdie dansers dans
om die antieke danse lewendig te hou!” sê die gids.

“Sjoe! Dit is nou besonders!” dink Shamiso, en sy dink
aan die pragtige musiek en danse van haar voorouers.




Uiteindelik neem hulle gids hulle op 'n steil staptog teen die groot heuwel op. “Hierdie was ’n godsdienstige plek, waar spesiale seremonies gehou is,” verduidelik hy. “Dit is waar die houtvoëls in die museum gevind is! En kyk!” sê hy en wys na ’n reusagtige rots op die bult. “Daardie rots lyk ook soos ’n voël!”

“Sjoe! Dit is nou besonders!” dink Shamiso, en sy dink aan haar voorouers wat saam bid.



Shamiso staan op die rand van die heuwel saam met haar pa. Hulle kyk uit oor die pragtige groen heuwels en die dam in die verte. Hulle kan sien hoe die klipruïnes soos stippels oor die landskap versprei is. “Sjoe! Dit is nou besonders!” sê sy. “Ek is trots op al die werk van ons voorouers!”

“Ek ook!” sê haar pa glimlaggend.





Lees 1

Waarheen het Shamiso en haar familie gegaan?

Hulle het na Groot Zimbabwe gegaan.

Wat het Shamiso by Groot Zimbabwe gesien?

- Sy het gekerfde voëls gesien.
- Sy het krale en koperdraad gesien.
- Sy het die museum gesien.
- Sy het die Groot Skermmuur gesien.
- Sy het 'n groot rotsmuur gesien.
- Ens.

Hoe dink jy het Shamiso oor haar besoek aan Groot Zimbabwe gevoel?

- Ek dink sy het die uitstappie geniet omdat sy dink, 'Sjoe, dit is nou besonders!'
- Ek dink sy het geïnspireer gevoel deur die werk van haar voorouers, aangesien sy die hele tyd aan hulle gedink het.
- Ek dink sy het gelukkig gevoel omdat sy die besonderse plek, waar haar voorouers vandaan kom, kon sien.



Lees 2

Hoe het Shamiso en haar pa aan die einde van die storie gevoel?

Hulle was trots op hulle voorouers.

Wat is die enigste ander klipstruktuur in Afrika, wat groter as Groot Zimbabwe is?

Die piramides in Egipte.

Hoekom het Shamiso en haar pa trots gevoel?

- Omdat hul voorouers soveel wonderlike goed gedoen het.
- Omdat hul voorouers goeie bouers was.
- Omdat hul voorouers handelaars was.
- Omdat hul voorouers geweet het hoe om pragtige juweliersware te maak.
- Omdat hul voorouers goeie klipbouers was.

VERHAAL 2

WILLEM

SE REIS

Tema: Ons reis



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is gebaseer op feite.
- Dit vind plaas in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal jou help om meer oor die verskillende plekke in die wêreld te leer.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- In hierdie verhaal leer Willem van die “Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld”. Dit is sewe plekke van regoor die wêreld waarvoor mense gestem het as die mooiste en spesiaalste plekke in die wêreld.
- Hierdie lys help mense om meer oor die spesiale plekke te leer en dit te vier.
- Willem reis nie werklik na al hierdie plekke toe nie. Hy leer daarvan in 'n boek – net soos wat ons ook van dinge gaan leer wanneer ons hierdie verhaal lees.



Begripstrategie: Soek en onthou besonderhede

- Wat is dit: Om belangrike besonderhede soos karakters, plek en gebeure te soek en onthou.
- Waarom ons dit gebruik: Om by te hou met wat gebeur het en die verhaal beter te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal te praat en die volgorde van gebeure te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
19, 1	Die titel op die eerste bladsy sê, 'Die Groot Muur van China'. Willem se pa lees die beskrywing hardop: "Die Groot Muur van China is meer as 2 000 jaar gelede gebou om die Chinese teen hul vyande te beskerm. Die Groot Muur is die langste struktuur wat ooit deur mense gebou is."	Wat is die eerste Wonder van die Wêreld? O, ek het geleer dat dit Die Groot Muur van China genoem word.
20, 1	Willem se pa lees die titel van die tweede bladsy, 'Christus die Verlosser-standbeeld, Brasilië'. Toe lees hy die beskrywing onder die prent van die reusagtige standbeeld: "Christus die Verlosser-standbeeld is gebou bo-op die Corcovado-berg in Rio de Janeiro, Brasilië."	Waar is die tweede Wonder van die Wêreld? O, ek het geleer dat dit in 'n land is wat Brasilië genoem word.

Willem se pa kom terug huis toe van die biblioteek af. Hy het 'n boek met die titel: 'Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld' by hom.

“Ons het nie geld vir vliegtuigkaartjies nie, maar boeke kan ons na enige plek neem!” het sy pa graag gesê.




Na aandete gaan sit Willem en sy pa saam op die bank. “Kom ons kyk wat het ons hier!” sê Willem se pa terwyl hy die boek oopmaak.

“Kom ons besluit watter van die Sewe Wêreldwonders ons die graagste wil besoek!” sê Willem opgewonde.




Die titel op die eerste blad sê, ‘Die Groot Muur van China’. Willem se pa lees die beskrywing hardop: “Die Groot Muur van China is meer as 2 000 jaar gelede gebou om die Chinese teen hul vyande te beskerm. Die Groot Muur is die langste struktuur wat ooit deur mense gebou is.”

Willem bestudeer die prentjie van die pragtige muur. “Sjoe! Ek dink ek sal hierdie Wêreldwonder die graagste wil besoek!” sê Willem.



Willem se pa lees die titel van die tweede bladsy, ‘Christus die Verlosser-standbeeld, Brasilië’. Toe lees hy die beskrywing onder die prent van die reusagtige standbeeld: “Die Christus die Verlosser-standbeeld is gebou bo-op die Corcovado-berg in Rio de Janeiro, Brasilië. Dit toring uit bo die stad. Dit is 30 meter hoog.”


“Sjoe! Ek dink ek sal hierdie Wêreldwonder die graagste wil besoek!” sê Willem.



Willem se pa blaai die bladsy om, om die derde Wêreldwonder te wys.

“Sjoe!” roep Willem uit, “ek dink ek sal hierdie Wêreldwonder die graagste wil besoek!”

“Dit is Machu Picchu,” sê sy pa. “Dit is in Peru!” Sy pa lees die beskrywing: “Machu Picchu is ’n antieke stad hoog in die Andes-gebergte in Peru, Suid-Amerika. Die stad is ongeveer 600 jaar gelede deur die Inkas gebou.”





Willem lees die titel van die vierde Wêreldwonder, 'Chichén Itzá, Mexiko'.

“Is dit ook antiek?” vra Willem.

“Hoekom lees jy nie om uit te vind nie?” vra sy pa.

Willem lees: “Chichén Itzá was ’n antieke Maya-stad. Een van die bekendste geboue in die stad is die piramide wat El Caracol genoem word. In antieke tye is dit gebruik om snags na die sterreheemel te kyk.”

“Sjoe! Miskien is dit die Wêreldwonder wat ek die graagste wil besoek!” sê Willem.


“Kyk, dit is die Kolosseum in Rome, Italië!” sê Willem se pa. “Dit is meer as 2 000 jaar gelede gebou. Daar was sitplek vir meer as 50 000 mense vir openbare geleenthede.”

“Dit sê hier dis waar swaardvegters geveg het!” roep Willem uit. “Miskien is dit die Wêreldwonder wat ek die graagste wil besoek!”



“Ek ken hierdie een!” sê Willem toe sy pa die bladsy omblaai. “Dit is die Taj Mahal in Indië.” Willem onthou dat hy daaroor in ’n boek oor Indië gelees het. “Ek onthou dat die keiser dit as ’n grafkelder vir sy vrou gebou het,” sê hy.

“Ek wou nog altyd na die Taj Mahal gaan! Dit is die Wêreldwonder wat ek die graagste wil besoek!” sê Willem.



Uiteindelik kom hulle by die sewende Wêreldwonder uit. Willem se pa lees die titel, 'Petra, Jordanië,' en die beskrywing: "Petra is 'n pragtige stad wat deur 'n antieke Arabiese stam in rooi rots uitgekerf is. Die stad is in die woestyn gebou. Die mense het egter 'n ingewikkelde metode ontwerp om reën- en vloedwater op te vang sodat hulle altyd water gehad het."




“Sjoe! Miskien is dit die Wêreldwonder wat ek die graagste wil besoek!” sê Willem.

Willem se pa maak die boek toe en gee vir hom 'n klein stukkie papier en 'n potlood.

“Skryf neer watter van die Wêreldwonders jy die graagste wil besoek,” sê hy. Hulle neem 'n paar minute om te skryf. Toe vou hulle hul papiertjies op en ruil dit uit.

“Is jy reg? 1-2-3... maak oop!”





Lees 1

Wat was die titel van die boek wat Willem se pa huis toe gebring het?

Die boek was 'Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld' genoem.

Watter Wêreldwonder het Willem al vantevore gesien?

Hy het al die Taj Mahal in 'n boek oor Indië gesien.

**Watter Wêreldwonder sou jy op die klein stukkie papier neergeskryf het?
Hoekom?**

Ek sou... neergeskryf het, omdat ...



Lees 2

Hoekom was die Groot Muur van China gebou?

Dit was gebou om die Chinese teen vyande te beskerm.

Hoekom was die Taj Mahal gebou?

Die keiser het dit as grafkelder vir sy vrou gebou.

Hoekom het Willem se pa die boek 'Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld' huis toe gebring?

- Sodat hulle oor nuwe plekke kon leer.
- Sodat hulle meer kon leer oor interessante plekke rondom die wêreld.
- Sodat hulle oor plekke kon leer wat ver weg is, al het hulle nie die geld om soontoe te reis nie.
- Sodat hulle nuwe plekke deur die prente kon besoek.



VERHAAL 3

DIE VERWOESTE KLASKAMER

Tema: Ons maak dinge reg



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te besef dat hulle kan help om goed reg te maak – dit is nie altyd nodig dat hulle wag dat 'n grootmens hulle help nie.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Dit is belangrik om jammer te sê as jy iemand seermaak of 'n fout maak. Tannie Helen vra Zweli se klas om verskoning, want haar koor het 'n gemors agtergelaat en het die kinders se werk verwoes.
- Al het die kinders nie self die gemors gemaak nie, help hulle om die klaskamer op te ruim en reg te maak, sodat dit weer mooi lyk.
- Vir die onderwyser: Dink oor hoe trots Zweli voel wanneer hy sien dat sy werk teen die muur hang. Is daar iewers in jou klaskamer 'n plek waar jy jou leerders se werk kan ophang?



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om afleidings te maak terwyl jy lees, en om die verhaal en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
32, 2 (en die prent)	“Ja!” sê Zweli opgewonde. Mnr. Maboya plak Zweli se werk in die middel van die muur, waar almal dit Maandagoggend sal sien. (Wys na die prent waar Zweli glimlag.)	Kyk na Zweli se gesig. Hy kyk na waar sy werk teen die muur hang. Ek lei af hy voel trots dat mnr. Maboya dit wil ophang sodat almal dit kan sien.
39, 2	“Ek is baie jammer oor julle klaskamer,” sê tannie Helen vir die leerders. “Ek weet dat van julle se werk verwoes is. Volgende keer as ons julle klaskamer gebruik, sal ons versigtiger wees!” sê sy.	Ek maak die afleiding dat tannie Helen baie sleg voel oor wat met Zweli se klaskamer gebeur het. Sy het al die pad skool toe gekom om vir die klas om verskoning te vra.

Vrydag is dit Zweli se beurt om sy storie vir die ander kinders te vertel en te wys.

“Dit is ek wat my ma in die tuin help,” sê Zweli en wys na sy tekening. Toe lees hy sy sinne.

“Goeie werk!” sê mnr. Maboya.



Die klok lui. Mnr. Maboya vra: “Mag ek jou skryfwerk teen die muur opplak?”


“Ja!” sê Zweli opgewonde. Mnr. Maboya plak Zweli se werk in die middel van die muur waar almal dit Maandagoggend sal sien.



Daardie aand sit Zweli by sy ma en klein sussie en gesels.

“Hoe was skool?” vra sy ma.

“Dit was lekker!” sê Zweli. “Ek het my storie vir die klas ge lees en toe het mnr. Maboya dit teen die muur opgeplak!”



Zweli dink die hele naweek aan sy storie teen die muur. Hy kan nie wag vir Maandag wanneer al die ander kinders ook sy storie teen die muur gaan sien nie.



Toe die kinders Maandag in hulle klaskamer instap, lyk dit vreeslik!

Zweli kyk na die muur vir sy storie, maar dit is weg.

Mnr. Maboya staan voor in die klaskamer. Hy lyk baie ernstig.

“Kinders,” sê mnr. Maboya, “Saterdag het die koor ons klaskamer gebruik. Dit lyk of iemand julle werk van die muur afgeruk en verwoes het. Ek voel hartseer hieroor en ek is seker julle ook. Ek is baie jammer.”



Daardie aand sit Zweli weer by sy ma en klein sussie en gesels.

“Hoe was skool?” vra sy ma.

“Dit was aaklig!” antwoord Zweli. “My storie is nie meer teen die muur nie. Mnr. Maboya sê die koor was Saterdag in ons klaskamer. Iemand het al ons mooi werk van die muur afgeruk en dit verwoes.”

“Tannie Helen rig die koor af,” sê sy ma. “Ek sal haar na aandete bel.”




Na aandete bel Zweli se ma vir tannie Helen.

“Die koor was Saterdag in Zweli se klaskamer en iemand het alles van die muur afgeruk,” hoor Zweli sy ma sê. “Zweli is baie hartseer. Hy het ’n storie geskryf wat verwoes is!”



Vroeg die volgende oggend sien Zweli vir tannie Helen. Sy waai vir hom. “Hoekom is tannie Helen by die skool?” wonder hy.

Die klok lui en Zweli stap na sy klaskamer toe.



Mnr. Maboya staan voor in die klaskamer saam met tannie Helen. “Hierdie is mev. Dlamini van die koor,” sê mnr. Maboya. “Sy wil met julle almal praat.”

“Ek is baie jammer oor julle klaskamer,” sê tannie Helen vir die leerders. “Ek weet dat van julle werk verwoes is. Volgende keer as ons julle klaskamer gebruik, sal ons versigtiger wees!” sê sy.



“Noudat ons weet ons werk gaan nie weer verwoes word nie, kom ons maak weer ons klaskamer mooi!” sê hy.

40



Lees 1

Op watter dag het Zweli sy storie hardop in die klas gelees?

Vrydag.

Op watter dag was die koor in die klaskamer?

Saterdag.

Op watter dag het Zweli gesien sy storie is weg?

Maandag.

Hoekom het Zweli Maandag 'n slegte dag by die skool gehad?

- Omdat hy gedink het sy storie gaan teen die muur wees, maar dit was afgeruk.
- Omdat hy die hele naweek opgewonde was dat die ander kinders sy storie teen die muur sou sien, maar toe is sy storie afgeruk en niemand kon dit sien nie.
- Omdat hy hartseer was dat sy storie van die muur afgeruk is.
- Omdat hy hartseer was dat sy klaskamer verwoes is.



Lees 2

Hoekom was Zweli opgewonde om Maandag skool toe te gaan?

Hy was opgewonde dat die ander kinders sy storie teen die muur sou sien.

Vir wie het Zweli se ma gebel?

Sy het vir tannie Helen gebel.

Hoekom het tannie Helen vir die klas kom jammer sê?

Omdat sy die koor afrig. Die klaskamer is verwoes terwyl die koor dit gebruik het.

Hoekom het tannie Helen skool toe gekom?

- Sy het kom jammer sê vir die stories wat afgeruk is.
- Sy het gekom, want Zweli se ma het haar gebel en vertel wat in Zweli se klaskamer gebeur het.
- Sy het gekom, want sy rig die koor af en die koor het die klaskamer gebruik.
- Sy het gekom om vir mnr. Maboya en die klas te vertel dat hulle klas nie weer verwoes sal word nie.



VERHAAL 4

MARI COPENY:

KAMPVEGTER VIR WATER



Tema: Ons maak dinge reg



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Flint, Michigan, V.S.A.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede – toe Barack Obama die President van die V.S.A. was (vanaf 2008-2016).
- Hierdie verhaal sal u leerders help om meer te leer oor 'n jong meisie met die naam Mari Copeny, wat gewerk het om 'n probleem in haar gemeenskap op te los.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- In die stad Flint het lood, 'n giftige stof, in die kraanwater beland. Baie mense in Flint het baie siek geword van die water.
- Mari Copeny was 'n dapper meisie van Flint. Sy het briewe aan leiers geskryf en om hulp gevra. Sy het ook verslaggewers van die probleem vertel.
- Omdat Mari gepraat het, het baie mense bewus geword van die waterprobleem en die stad het sodoende meer hulp gekry.



Begripstrategie: Vra vrae / wonder

- Wat is dit: Om te dink aan, en vrae oor die verhaal te vra terwyl jy lees.
- Waarom ons dit gebruik: Om geïnteresseerd te bly en meer uit te vind soos jy lees.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en help jou om die verhaal beter te verstaan. Dit help jou om te voorspel wat in die verhaal gaan gebeur.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
46,1	Toe Mari 8 jaar oud was, het dit bekend geword dat daar 'n waterkrisis in haar gemeenskap was. 'n Chemikalieë, wat lood genoem word, het die water besoedel. Baie kinders in Flint het siek geword omdat hulle te veel van hierdie gevaarlike chemikalieë ingekry het.	Dit lyk soos 'n baie groot probleem! Ek wonder of daar enigiets is wat Mari kan doen?
48, 1	Mari het besluit om 'n brief oor die giftige water in Flint vir president Barack Obama te skryf. In haar brief nooi sy die president om na hul dorp te kom om hul waterkrisis beter te verstaan.	Ek wonder of Mari se brief aan die President sal help om die probleem in haar gemeenskap op te los?

Mari Copeny is 'n jong Amerikaanse aktivis wat geveg het vir skoon water in haar tuisdorp, Flint, Michigan.



Toe Mari 8 jaar oud was, het dit bekend geword dat daar 'n waterkrisis in haar gemeenskap was. 'n Chemikalieë, wat lood genoem word, het die water besoedel. Baie kinders in Flint het siek geword omdat hulle te veel van hierdie gevaarlike chemikalieë ingekry het. Die mense in Mari se gemeenskap was baie kwaad dat hulle water hul vergiftig.



Mari, haar boeties en sussies het altyd water uit die kraan gedrink sonder om bekommerd daaroor te wees. Skielik moes hulle ophou om die water uit die kraan te drink. In plaas daarvan moes hulle water uit plastiekbottels drink. Mari was bly dat niemand in haar familie siek was nie, maar sy was baie ontsteld oor die baie siek mense in haar gemeenskap.



Mari het besluit om 'n brief oor die giftige water in Flint vir president Barack Obama te skryf. In haar brief nooi sy die president om na hul dorp te kom om hul waterkrisis beter te verstaan.

Sy het haar ma gevra om die brief te pos.

“Jy weet dat die president elke dag duisende briewe kry,” het Mari se ma haar gewaarsku. Mari het haar gevra om steeds die brief te pos.

“Hy moet weet hoe onregverdig ons behandel word. Ons word vergiftig en niemand wil die probleem oplos nie – en dit net omdat ons nie 'n ryk gemeenskap is nie!” verduidelik sy.



'n Maand later lui Mari se ma se telefoon. Die nommer was onbekend. Toe Mari se ma antwoord, was dit 'n personeellid van die Wit Huis.

“President Obama het Mari se brief ge lees. Hy sal graag die uitnodiging aanvaar om Flint te besoek,” sê die personeellid.



Toe Mari na skool tuis kom, glimlag haar ma en sê vir haar om te gaan sit.

“Ek het groot nuus vir jou!” sê sy. “President Obama het jou brief gelees... en hy kom Flint besoek om jou te ontmoet.”

Mari straal. “Nou sal die president sien hoe onregverdig dit vir die mense in ons gemeenskap is om deur ons eie water vergiftig te word!” sê Mari.



Tydens President Obama se besoek aan Flint, gesels hy met Mari. “Briewe van kinders soos jy, is wat my hoopvol vir die toekoms maak,” sê hy.



Tydens die president se besoek het hy bewus geword van hoe verwoestend die loodvergiftiging vir die gemeenskap van Flint was. Na sy besoek het President Obama 'n noodtoestand verklaar. Hy het die geld wat nodig was om die waterstelsel reg te maak, ook goedgekeur. Ongelukkig was Flint se waterstelsel nie so maklik om reg te maak nie.




Terwyl die mense van Flint gewag het vir hul waterstelsel om herstel te word, het Mari gesorg dat hulle water het wat veilig is om te drink. Eers het Mari gehelp om geld in te samel om vir die armste mense in die gemeenskap gebottelde water te kan koop.

Een oggend kyk Mari in die vuilgoedrom en sien dat die hele drom vol plastiekbottels is. Toe dink sy aan al die plastiekbeseedeling op die planeet. Van daardie dag af het sy besluit om 'n oplossing te vind wat beter vir die omgewing is. Sy het begin om eerder geld in te samel vir waterfilters.



Mari het nie ophou veg toe die probleem in haar gemeenskap opgelos is nie. Sy het aanhou veg vir al die kinders in die Verenigde State vir veilige skoon water. Dit het nie saak gemaak hoe arm die gemeenskap was nie.





Lees 1

Wat is die naam van Mari se gemeenskap?

Haar gemeenskap is Flint, Michigan in die VSA.

Wat was die probleem in Mari se gemeenskap?

Die probleem was dat die water gevaarlik was/dat dit mense vergiftig het/dat dit chemikalieë ingehad het.

Hoekom het Mari 'n brief vir president Barack Obama geskryf?

- Omdat sy haar gemeenskap wou help.
- Omdat dit 'n groot probleem was om op te los en sy hulp nodig gehad het.
- Omdat sy wou hê die president moes die probleem in Flint verstaan.
- Omdat sy geweet het die president het die mag om hierdie groot probleem op te los.



Lees 2

Wat het Mari gedoen om haar gemeenskap te help?

- Sy het 'n brief vir die president geskryf.
- Sy het geld ingesamel vir waterbottels en -filters.

Wat dink jy kan jy doen as die water in jou gemeenskap onveilig is om te drink?

Ek dink ek kan...

Hoekom, dink jy, het President Obama gesê dat kinders soos Mari hom hoop gee vir die toekoms?

- Omdat sy tyd gemaak het om 'n brief te skryf.
- Omdat sy een klein mensie is wat genoeg omgee om haar hele gemeenskap te verander.
- Omdat sy aanhou werk om dinge in haar gemeenskap beter te maak.
- Omdat sy reeds as 'n kind werk om haar gemeenskap te verbeter.



VERHAAL 5

DIE BLOU ARMBAND

Tema: Ons probeer om eerlik te wees



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te dink oor wat dit beteken om eerlik te wees.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Hierdie is 'n sosiaal-emosionele storie. Sosiaal-emosionele stories word geskryf om kinders oor gevoelens, verhoudings en gedrag te leer. Hierdie stories demonstreer vaardighede soos empatie, selfbeheersing, eerlikheid, probleemoplossing en hoe om met ander oor die weg te kom. Die doel is om kinders te help om emosies te herken, gepaste reaksies te oefen en positiewe sosiale vaardighede te bou.
- In die storie kan die leerder oor die volgende konsepte dink:
 - Empatie: Verstaan hoe jou vriend dalk voel oor die verlies van iets.
 - Billikheid: Wat is billik/regverdig om te doen wanneer iets nie joune is nie.
 - Basiese oorsaak-en-gevolg: As jy die armband hou, sal dit iemand anders hartseer maak.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om afleidings te maak terwyl jy lees, en om die verhaal en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
66, 1	Toe Zandile na skool by die huis kom, haal sy die armband uit en sit dit aan. Sy bewonder die armband aan haar pols. Toe kyk sy na haarself in die spieël. Die armband skitter. Sy het nog nooit iets so mooi gehad nie, maar dan dink Zandile aan Geeta se hartseer gesig met middagete. Sy haal die armband af en sit dit in haar sak.	Ek lei af dat Zandile die armband wil hou omdat dit so mooi is. Sy kan dit egter nie geniet om dit te dra nie, want sy dink aan haar vriendin wat hartseer voel. Ek lei af dat sy dit vir Geeta gaan teruggee omdat sy dit in haar sak sit.

Zandile hardloop terug huis toe vanaf haar vriendin Sindiswa se huis. Sy was amper by die huis toe iets haar aandag trek. Iets blou en blink. Sy buk af en sien 'n pragtige, blink, blou armband. Zandile tel dit op en hou aan met hardloop. Die son was besig om te sak en sy het haar ma belowe dat sy voor donker by die huis sal wees.



Toe sy by die huis kom, waai sy die armband in die lug.

“Kyk wat het ek gekry!” kondig sy aan.

Sy sit dit aan haar pols en bewonder dit. Dit het perfek gepas!

“Waar het jy dit gekry, Zandile?” vra haar ma.

“Iemand moet dit regtig mis!”

“Wel, ek het dit in die straat opgetel, so dit is nou myne!” sê Zandile terwyl sy na haarself in die spieël kyk.



Die volgende oggend gaan Zandile buitentoe. Sy hou haar arm in die lug sodat die son op haar nuwe blou armband kan skyn. Sy kyk hoe dit blink en skitter. Sy het nog nooit iets so mooi gehad nie.



Toe sien sy die bure se kind, Geeta, wat in die paadjie voor hulle huise rondkruip.


“Wat maak jy?” vra Zandile.

“Ek soek my armband. Ek dink dit het afgeval toe ek gister gespeel het!” sê Geeta. Sy lyk ontsteld. “Dit is my gunsteling armband.”



“O,” sê Zandile. Sy wonder of dit dieselfde armband is as wat sy gevind het. Sy trek die mou van haar trui af.

“Ek hoop jy vind dit!” sê sy. Toe hardloop sy terug huis toe.



Toe Zandile binne is, bewonder sy die armband aan haar pols. Toe kyk sy na haarself in die spieël. Die armband was so blink en pragtig. Sy kon nie wag om dit die volgende dag by die skool vir haar vriende te gaan wys nie, maar dan dink sy aan Geeta.

“Wat as Geeta my nuwe armband sien en dit is die een wat sy verloor het?” wonder Zandile. Sy haal die armband af en bêre dit.



Die volgende dag, tydens pouse, sit Zandile saam met Geeta en Sindiswa. “Ek het die naweek my gunsteling armband verloor. Dit was blou en blink,” sê Geeta.

Zandile dink aan die skitterende blou armband in haar laai. Nou weet sy verseker dat dit aan Geeta behoort.

“Ek het dit gekry. Dit is nou myne!” dink Zandile en sê niks nie.



Toe Zandile na skool by die huis kom, haal sy die armband uit en sit dit aan. Sy bewonder die armband aan haar pols. Toe kyk sy na haarself in die spieël. Die armband skitter. Sy het nog nooit iets so mooi gehad nie, maar dan dink Zandile aan Geeta se hartseer gesig met middagete. Sy haal die armband af en sit dit in haar sak.



Zandile gaan langsaan, na die Kapoors se huis en
klop aan die deur. Toe Geeta antwoord, waai sy die
armband in die lug.

“Kyk wat het ek gekry!” kondig sy aan.



Geeta se hele gesig verander in 'n glimlag. Zandile voel amper so gelukkig soos Geeta toe sy haar help om die skitterende blou armband om haar pols te sit.

“Dankie, Zandile,” sê Geeta. “Jy het my gelukkig gemaak!”





Lees 1

Wat het Zandile gevind?

Sy het 'n skitterende, blou armband gevind.

Waar het Zandile die armband gevind?

Sy het dit in die straat/op die sypaadjie gekry.

Hoekom het Geeta op die sypaadjie voor hul huise rondgekrui?

Omdat sy haar armband verloor het! Sy het haar armband gesoek.

Hoekom het Zandile nie die armband skool toe gedra nie?

- Omdat sy besef het die armband behoort eintlik aan Geeta.
- Omdat sy nie wou hê Geeta moet die armband sien nie.
- Omdat sy die armband wou hou!



Lees 2

Hoekom het Zandile die mou van haar trui afgetrek?

Om die armband wat sy opgetel en gedra het, te bedek.

Wat het Geeta se dag gemaak?


Om haar armband terug te kry.

Hoe het Zandile geweet dat die armband aan Geeta behoort?

- Omdat sy gesien het hoe Geeta na haar armband soek.
- Omdat Geeta vir haar gesê het dat sy 'n skitterende, blou armband verloor het.

Hoekom het Zandile besluit om die armband vir Geeta terug te gee?

- Omdat sy besef het die armband behoort aan haar vriendin.
- Omdat sy besef het sy sal die armband net in die geheim kan dra.
- Omdat sy besef het dit sal haar vriendin gelukkig maak om haar armband terug te kry.
- Omdat dit die regte ding was om te doen!



VERHAAL 6

DIE BEESWAGTER WAT 'LEEU' GESKREE HET

Tema: Ons probeer om eerlik te wees



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Botswana.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te dink oor wat dit beteken om eerlik te wees en wat die gevolge van leuens kan wees.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Hierdie storie is 'n fabel, 'n fiktiewe verhaal met 'n duidelike morele les. Die les van die storie is dat daar gevolge is as iemand leuens vertel.
- Die storie kan die leerders help om aan oorsaak en gevolg te dink. Byvoorbeeld: As jy baie jok (oorsaak) kan mense ophou om jou te glo wanneer jy regtig in die moeilikheid is (gevolg).
- Hierdie storie kan u leerders help om aan verskillende perspektiewe te dink. Byvoorbeeld: Waarom roep die beeswagter 'leeu'? (Is hy eensaam, verveeld of bang?) Waarom kom die dorpenaars nie aan die einde om hom te help nie? (Dink hulle dat hy jok of dink hulle dat hy onbetroubaar is?)



Begripstrategie: Maak afleidings


- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om afleidings te maak terwyl jy lees, en om die verhaal en karakters beter te verstaan.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
75, 1	Toe wonder hy wat sal gebeur as die leeus een van sy kosbare beeste sou aanval. Hy roep uit, "Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!"	Ek lei af dat Modise dalk bang of bekommerd sal wees oor wat sal gebeur as 'n leeu sy beeste sou aanval. Ek lei af dat hy wil weet of mense sal kom om hom te help.
80, 1	Hierdie keer kom niemand aangehardloop nie. Die dorpenaars dink Modise wil hulle weer kul.	Ek lei af dat, toe die dorpenaars Modise hoor skree het, hulle hul oë gerol en hom hierdie keer geïgnoreer het.

Elke oggend sodra die son opkom, het Modise die groenste gras vir sy beeste gesoek. Die hele dag lank het hy sy beeste opgepas om hulle teen gevaar te beskerm.



Een aand, toe Modise naby sy huis is, stap hy verby 'n groep dorpenaars wat buite sit en gesels oor die nuusgebeure van die dag.

“Ek hoor nog 'n leeu het uit die park ontsnap en 'n pasgebore kalf aangeval!” roep een van die dorpenaars uit.

“Ek het geles van 'n wetenskaplike wat sê ons moet oë op die koeie se agterstewe verf om hulle te beskerm teen leeu-aanvalle!” lag 'n ander dorpenaar.

“Wat gaan ons doen as die leeu die beeste van ons dorp kom aanval?” het 'n derde dorpenaar gewonder.



Die volgende oggend stap Modise met sy beeste langs die grensdraad van die Makgadikgadi Nasionale Park. Hy sien hoe 'n kameelperd aan 'n hoë boom eet. Hy wonder of leeus kameelperde aanval. Toe wonder hy wat sal gebeur as die leeus een van sy kosbare beeste sou aanval.

Hy roep uit, “Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!”




Die dorpenaars kom aangehardloop om die seun te help om die leeu weg te jaag, maar toe hulle op die rand van die park kom, is daar geen leeu en geen teken van 'n jaagtog nie. Modise kon nie help om te giggel toe hy sien hoe verward hulle lyk nie.

“Moenie ‘leeu’ skree as daar nie 'n leeu is nie, Modise!” mompel die dorpenaars terwyl hulle wegloop.



Die volgende middag raak Modise verveeld terwyl hy by die kremetartboom sit en kyk hoe sy beeste wei. Hy giggel by homself toe hy dink hoe verward die dorpenaars se gesigte gelyk het toe hulle besef dit was net 'n kullery. Hy besluit dit sal snaaks wees om hulle weer te kul.

Hy haal diep asem en skree: “Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!”



Die dorpenaars kom aangehardloop om die leeu weg te jaag, maar toe hulle by die kremetartboom kom, is daar weer geen teken van 'n leeu of van 'n jaagtog nie. Modise lag hierdie keer kliphard toe hy sien hoe geïrriteerd hulle is.



“Moenie ‘leeu’ skree as daar nie 'n leeu is nie!” skree een van die dorpenaars.

“Dit is onbeskof en oneerbiedig van jou om ons te kul!” skree 'n ander dorpenaar terwyl sy wegloop.




Die volgende dag neem Modise sy beeste na die rivierbedding om water te drink. Hy sit en dagdroom oor sy snaakse skelmstreke wat hy op die dorpenaars uitgehaal het.

Skielik is iets nie reg nie. Hy word bewus van die beeste se harde gebulk. Hulle klokke lui hard terwyl hulle in alle rigtings hardloop. Net toe spring 'n leeuwyfie uit die bos en mik na die naaste pasgebore kalfie. Modise kan nie sy oë glo nie.

“Leeu! Leeu! Daar is 'n leeu wat my beeste jaag!” skree Modise benoud.



Hierdie keer kom niemand aangehardloop nie. Die dorpenaars dink Modise wil hulle weer kul.



Teen sononder begin die dorpenaars wonder hoekom Modise nie huis toe kom nie. Hulle soek en soek totdat hulle hom kry waar hy sit en huil – te bang om te beweeg. Die leeu sit by haar prooi met haar gesig vol bloed.

“Daar was regtig ’n leeu! My trop het weggehardloop! Ek het ‘leeu’ geskree! Hoekom het julle nie gekom nie?” vra Modise beweerig.



'n Ou man probeer die seun troos terwyl hulle terugloop dorp toe.

“Ons sal jou môre-oggend help om jou beeste op te spoor” sê hy en sit sy arm om Modise se skouers. “Niemand het kom help nie, want niemand glo 'n leuenaar nie ... selfs wanneer hulle die waarheid praat!”

Van daardie dag af het Modise besluit om nooit weer die dorpenaars te kul nie.





Lees 1

Hoeveel keer het Modise die dorpenaars gekul?

Hy het hulle twee keer gekul.

Watter dier het Modise se beeste aangeval?

'n Leeu het die beeste gejaag.

Hoekom het die dorpenaars nie aangehardloop gekom toe die leeu Modise se beeste aanval nie?

- Omdat Modise twee keer "leeu" geskree het, maar daar was nie regtig 'n leeu nie!
- Omdat Modise hulle twee keer gekul het en hulle hom nie meer geglo het nie.
- Omdat dit geklink het asof Modise jok, selfs al het hy die waarheid gepraat.
- Omdat niemand 'n leuenaar glo nie – ook nie as hulle die waarheid praat nie.



Lees 2

Watter leuen het Modise vertel?

Hy het die leuen vertel dat die leeu sy beeste jaag, selfs al het hy nie.

Naby aan watter nasionale park kan jy aflei woon Modise?

- Ek kan aflei dat Modise naby die Makgadikgadi Nasionale Park woon, want hy loop met sy beeste langs die grensdraad.

Hoekom het Modise besluit om die dorpenaars nie weer te kul nie?

- Omdat hy besef het dit laat hulle ongerespekteerd/ontsteld/geïrriteerd voel.
- Omdat hy besef het dat, toe hy hulle regtig nodig gehad het, hulle nie gekom het nie.
- Omdat hy gesien het dat, om mense te kul, negatiewe gevolge het.



VERHAAL 7

'N LEWE SONDER PERKE

Tema: Ons opvoeding



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Tanzanië.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om meer te leer oor 'n werklike persoon, genaamd Rebeca Gyumi, wat grootgeword het met die wete dat onderwys belangrik vir alle kinders is.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Rebeca Gyumi is 'n Tanzaniese prokureur en kinderregte-aktivis wat gewerk het om meisies teen kinderhuwelike te beskerm. As jong vrou het Rebeca 'n suksesvolle hofsak geleë wat gehelp het om wette te verander sodat meisies ten minste 18 jaar oud moet wees om in Tanzanië te trou.
- Rebeca praat in die openbaar en gebruik stories, skole en gemeenskapsprogramme om meisies veilig te laat voel wanneer hulle hul probleme aanmeld en hul eie keuses maak.



Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
89, 3	“My ma het gesê dat die huwelik vir meisies belangriker is as skool,” het ’n ander vriend gesê.	Kom ons evalueer die probleem in die storie: nie alle mense dink dat meisies ’n opvoeding nodig het nie.
92, 1	Daardie aand het Rebeca haar ma vertel van al die meisies wat skool verlaat het. “Laat my asseblief in die skool bly!” het Rebeca gehuil. “Skool is baie belangrik,” het haar ma geantwoord, “vir meisies en vir seuns!”	Ek maak die evaluering dat Rebeca se ma dink dat onderwys vir almal belangrik is, vir meisies en seuns. Ek dink nie dat Rebeca se ma haar sal toelaat om die skool te verlaat nie.

Rebeca het van kleins af uitgesien daarna om skool toe te gaan! Sedert sy 'n klein babatjie was, het haar ouers haar vertel hoe belangrik 'n goeie opvoeding was.

“Skool is so belangrik,” het haar ma gereeld gesê.

“Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee!” het haar tannie vir haar gesing.



As 'n jong kind, was Rebeca mal oor skool. Sy was vriende met baie slim en talentvolle meisies in die Laerskool Mazengo in Dodoma, haar dorpie in Tanzanië.

“Skool is belangrik!” het haar ma elke oggend gesê.

“Jou opvoeding sal jou 'n lewe sonder perke gee!” het haar tannie elke middag vir haar vertel.




Soos Rebeca ouer geword het, het sy opgelet dat sommige van die meisies in haar klas opgehou het om skool toe te kom. Rebeca het gevoel sy kan enigiets met 'n opvoeding doen! Maar sy kon sien dat nie al die meisies dieselfde boodskap by die huis gekry het nie.

“My broer het gesê meisies is nie so slim soos seuns nie!” het een van haar vriende vir haar gesê.



“My ma het gesê dat die huwelik vir meisies belangriker is as skool,” het 'n ander vriend gesê.





“Hoekom het nie een van die seuns skool verlaat nie, maar so baie meisies het?” het Rebeca gewonder.



Daardie aand het Rebeca haar ma vertel van al die meisies wat skool verlaat het.

“Laat my asseblief in die skool bly!” het Rebeca gehuil.

“Skool is baie belangrik,” het haar ma geantwoord,
“vir meisies en vir seuns!”

“Jou opvoeding sal jou ’n lewe sonder perke gee!” het
haar tannie herhaal.




Rebeca was baie gelukkig. Sy het gewens al die meisies in haar klas het dieselfde ondersteuning by die huis gehad. Rebeca het besluit om haar opvoeding te gebruik om meisies soos sy te help.



By die Universiteit van Dar es Salaam het Rebeca besluit om regte te studeer. Sy het oor Tanzanië se regte geleer. Dit het toegelaat dat meisies op 'n baie jong ouderdom trou – slegs 14 jaar oud! Die ouderdom vir seuns was egter 18!

“Dit moet wees hoekom so baie meisies vroeg die skool verlaat,” het Rebeca gedink. “Ek gaan hierdie wet verander!”



Nadat sy haar graad gekry het, het Rebeca en haar kollegas hard gewerk om die wet te verander. Baie mense het hulle daarvan beskuldig dat hulle Tanzaniëse tradisies teëgaan. Rebeca het nie saamgestem nie. “Enige tradisie wat meisies benadeel, is nie ’n tradisie waarby ons moet hou nie!” het sy geargumenteer.



Rebeca en haar kollegas het hulle argumente voor die regters van Tanzanië se hooggeregshof voorgelê. Die regters het met Rebeca se span saamgestem en besluit om die Tanzaniese wet te verander. Dit het beteken dat die ouderdom vir meisies om wettiglik te trou na 18 verander het, dieselfde ouderdom as vir die seuns!



Al is die wet verander, het Rebeca nie opgehou om hard te werk om vir die regte van meisies te veg nie. Rebeca werk steeds daaraan om seker te maak dat alle meisies weet dat skool belangrik is, en dat opvoeding hulle 'n lewe sonder perke sal gee!





Lees 1

Waar vind die storie plaas?

In Tanzanië.

Wat is die probleem in die storie?

- Die probleem is dat meisies die skool baie vroeg verlaat.
- Die probleem is dat sommige mense nie dink opvoeding is belangrik vir meisies nie.

Wat het Rebeca probeer doen om die probleem op te los?

- Sy het besluit om 'n prokureur te word.
- Sy het teen die onbillike wette geveg.

Hoekom, dink jy, het Rebeca aanhou skoolgaan?

- Omdat haar familie gedink het opvoeding is baie belangrik.
- Omdat haar familie wou hê sy moet 'n lewe sonder perke hê.
- Omdat sy altyd gehoor het dat opvoeding die belangrikste ding is – vir meisies en seuns.



Lees 2

Wie vertel vir Rebeca dat opvoeding belangrik is?

Haar ma en tannie.

Hoekom het meisies voor seuns die skool verlaat?

- Omdat hulle getrou het.
- Omdat die wet gesê het dat meisies op 'n jonger ouderdom as seuns mag trou.

Kan jy 'n afleiding maak oor Rebeca? Watter tipe persoon, dink jy, is sy?

Ek dink sy is ..., want ...

Hoekom, dink jy, was Rebeca Gyumi vasberade om die Tanzaniese wet te verander?

- Omdat sy geleer is dat opvoeding die belangrikste ding is.
- Omdat sy gesien het dat meer meisies as seuns die skool vroeg verlaat het.
- Omdat sy seker wou maak dat alle meisies 'n opvoeding kry voordat hulle trou.
- Omdat sy wou hê meisies moet weet hulle kan enige iets wees wat hulle wil wees!
- Omdat sy gesien het die wet het 'n negatiewe impak op die meisies in haar gemeenskap.

VERHAAL 8

HOE MALALA VIR OPVOEDING GEVEG HET



Tema: Ons opvoeding



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Pakistan.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede (ongeveer 2012).
- Hierdie verhaal sal u leerders help om meer te leer oor die werklike persoon, genaamd Malala Yousafzai, wat steeds veg vir alle meisies om 'n opvoeding te kry.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Regoor die wêreld is daar meer as 130 miljoen meisies wat nie skool toe gaan nie, as gevolg van geslagsdiskriminasie.
- Malala Yousafzai (uitgespreek as: mah-lah-lah yoo-sahf-zai) is 'n Pakistanse meisie wat haar sterk uitgespreek het vir die reg van alle kinders, veral meisies, om skool toe te gaan.
- Sy help kinders deur te praat, te skryf (haar storie verskyn in 'n boek, '*I am Malala*') en deur programme te ondersteun wat meisies skool toe stuur.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die verhaal beter te verstaan deur dit te verbind met dinge wat jy reeds weet.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
102, 4	“Dit is my plig om seker te maak dat die meisies in ons dorp dieselfde geleenthede as seuns kry,” het Malala se pa ferm geantwoord. Hy het gekyk hoe sy klein Malala grootword en saam met die ander meisies van Mingora leer.	Ek kan ’n verbinding maak. Beide Malala en Rebeca Gyumi het ondersteunende gesinne by die huis gehad. Vir beide gesinne was ’n goeie opvoeding vir hulle dogters belangrik.
111, 1	Toe sy net 17 jaar oud was, het Malala die Nobelprys vir Vrede ontvang. Sy was die jongste wenner ooit! Malala gaan steeds voort om ’n wêreld te skep waar alle meisies kan leer en lei.	Beide Malala en Rebeca veg steeds vir meisies om skool toe te gaan. Hulle wil hê dat meisies dieselfde geleenthede as seuns moet hê.

Malala is op 12 Julie 1997 in Mingora, Pakistan, gebore.

“As sy net ’n seun was!” het een van die bure vir Ziauddin, Malala se pa, gesê.

“Wat kan jy met ’n meisie maak? Sy sal nooit vir jou rykdom bring nie!” het ’n ander een kopskuddend gesê.

“Ek sal vir klein Malala elke geleentheid gee wat ’n seun sou hê,” het haar pa geantwoord terwyl hy na sy babadogter gekyk het.



Ziauddin het sy belofte aan Malala gehou en vir haar elke geleentheid wat 'n seun sou kry, gegee. Hy het 'n skool vir meisies in Mingora begin.


“Hoekom begin jy 'n skool vir meisies?” het een van sy bure uitgeroep terwyl Ziauddin werk toe geloop het.

“Waarom probeer jy nog om vir meisies 'n opvoeding te gee?” het 'n ander een kopskuddend gesê.

“Dit is my plig om seker te maak dat die meisies in ons dorp dieselfde geleenthede as seuns kry,” het Malala se pa ferm geantwoord. Hy het gekyk hoe sy klein Malala grootword en saam met die ander meisies van Mingora leer.



Alles het verander toe die Taliban die dorpie oorgeneem het. Die lewe het op baie maniere verander. Om 'n televisie te besit is verban. Om musiek te speel is verban. Meisies is ook verbied om skool toe te gaan.



Die Taliban het reeds meer as 'n 100 meisieskole opgeblaas teen die tyd dat hulle vir Ziauddin gesê het om sy skool se deure te sluit.

“Ek wou vir Malala en die ander meisies dieselfde geleenthede gee as wat seuns het, maar ek kan hulle nie in gevaar stel nie,” het Ziauddin gedink.

Malala het met trane in haar oë haar klasmaats gegroet. Sy het nie geweet of sy ooit weer in 'n klaskamer saam met haar vriende sou wees nie.



Ziauddin het aangehou om vir Malala baie dinge tuis te leer, maar Malala het dit gemis om saam met ander meisies by die skool te leer.



In September 2008 het Ziauddin vir Malala na die Peshwar Persklub geneem. Dit was 'n organisasie vir joernaliste. Daar het Malala haar eerste toespraak gelewer.

“Hoe durf die Taliban my basiese reg tot opvoeding wegneem?” het Malala die gehoor gevra. Die volgende dag het haar toespraak in koerante en televisiekanale regoor Pakistan verskyn.

Malala het geweet haar toespraak sou die Taliban kwaad maak, maar sy het besluit sy kon nie stil bly nie – selfs al het dit van haar 'n teiken gemaak.



Malala het aangehou om op te staan vir haar reg tot 'n opvoeding. Sy het begin om 'n blog te skryf sodat mense regoor die wêreld haar stryd kon verstaan. Sy het ook op televisie verskyn.

“Hoe kan jy toelaat dat Malala op die televisie oor opvoeding vir meisies praat?” het een van die bure vir Ziauddin gefluister.

“Volg net die Taliban se reëls!” het 'n ander een kopskuddend geraas.

“Ek het vir Malala dieselfde geleenthede as vir seuns gegee en nou staan sy op vir haarself,” het haar pa trots geantwoord.



Soos Malala meer en meer bekendheid verwerf het, het sy 'n teiken van die Taliban geword en baie doodsdreigemente ontvang. Malala was bang, maar haar vrees het haar nie gekeer om op te staan vir ander meisies nie.



In Oktober 2012, op pad huis toe na 'n eksamen, het 'n gemaskerde en gewapende man op dieselfde bus as Malala geklim. “Wie is Malala?” het hy gevra. Toe het hy haar aan die linkerkant van haar kop geskiet.

Malala was ernstig gewond, maar sy het steeds gelewe. Sy is met 'n helikopter van een militêre hospitaal na 'n ander een in Pakistan geneem. Later is sy na Brittanje geneem vir behandeling.

Toe die Taliban uitvind dat Malala die aanval oorleef het, het hulle 'n verklaring uitgereik waarin hulle gesê het dat, as sy ooit weer na Pakistan terugkom, hulle haar weer sal teiken.



Malala het wonderlike boodskappe van regoor die wêreld ontvang.

“Dankie dat jy ’n kampvegter vir opvoeding vir meisies is,” het iemand in ’n brief geskryf.

“Jy het die wêreld gewys hoe sommige meisies sukkel om ’n opvoeding te kry. Dankie dat jy help om die wêreld te verander,” was een boodskap op Facebook.

“Dit is my werk om seker te maak dat meisies dieselfde geleentheid as seuns kry,” het Malala besluit.



Toe sy net 17 jaar oud was, het Malala die Nobelprys vir Vrede ontvang. Sy was die jongste wenner ooit!

Malala gaan steeds voort om 'n wêreld te skep waar alle meisies kan leer en lei.





Lees 1

Waar is Malala gebore?

Sy is in Mingora, Pakistan, gebore.

Hoekom moes Malala ophou om skool toe te gaan?

- Sy moes ophou skool toe gaan, want dit is verbied vir meisies.
- Sy moes ophou skool toe gaan toe die Taliban oorgeneem het, omdat hulle meisies verbied het om skool te gaan.

Hoekom was Malala 'n teiken van die Taliban?

- Omdat sy haarself uitgespreek het oor haar reg tot opvoeding.
- Omdat sy in die koerant was en op TV gepraat het oor hoe belangrik opvoeding vir meisies is.
- Omdat die Taliban meisies verbied het om skool toe te gaan en Malala nie met hulle saamgestem het nie.
- Omdat daar geslagsdiskriminasie is.



Lees 2

Wat is geslagsdiskriminasie?


Geslagsdiskriminasie is wanneer seuns en meisies verskillend behandel word of nie dieselfde geleenthede gegee word nie.

Hoe sal jy voel wanneer iemand teen jou diskrimineer as gevolg van jou geslag?


Ek sal ... voel, want ...

Hoekom het Rebeca Gyumi, sowel as Malala Yousafzai, hulle lewens daaraan gewei om te veg vir die opvoeding vir meisies?

- Omdat albei glo dat meisies dieselfde geleenthede as seuns moet hê.
- Omdat hulle albei grootgeword het in families wat nie teen hulle gediskrimineer het nie – hulle wil hê alle meisies moet soos hulle behandel word.
- Omdat opvoeding vir albei van hulle belangrik is; hulle wil seker maak dat alle ander meisies ook 'n opvoeding kan hê.



KWARTAAL 2



KAART VAN SUID- AFRIKA




Noord-Kaap



Wes-Kaap

Atlantiese
Oseaan





WÊRELDKAART





Asië

Europa



Die wêreld
se eerste
skrywers

Afrika



William
se
briljante
windpomp



Li Jie, die
fantastiese
en talentvolle
boogskutter



Stille
Oseaan

Indiese
Oseaan

Australië

Antarktika

KWARTAAL 2 VERHALE



1. Koos maak 'n bal

119



2. Li Jie, die fantastiese en talentvolle
boogskutter

131



3. Stacey se eerste boek

145



4. Die wêreld se eerste skrywers

161



5. Piet maak 'n nuwe maat

175



6. Die ekstra toebroodjie

189



7. William se briljante windpomp

203



8. Xochitl se sonverwarmer

219

VERHAAL 1

KOOS MAAK 'N BAL

Tema: Ons oefen



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat oefening 'n mens help om te verbeter, selfs al voel ons soms skaam oor die foute wat ons maak as ons begin.



Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit: Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Waarom ons dit gebruik: Om dieper betekenis en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Almal maak soms foute. In speletjies soos sokker kan foute maak beteken dat jy die bal of doel mis. Al is dit normaal om foute te maak, kan dit jou skaam maak.
- Oefening beteken om iets oor en oor te doen, sodat jy beter kan word. Wanneer ons oefen, verbeter ons mettertyd. Selfs 'n kort oefening elke dag kan 'n groot verskil maak.
- Ons het nie altyd alles wat ons nodig het nie, maar ons kan aan kreatiewe maniere dink om probleme op te los. Wanneer Koos nie die bal het wat hy nodig het om sokker te oefen nie, is hy kreatief en maak hy sy eie bal met goed wat hy by die huis kan kry.
- Na oefening voel Koos gereed om sokker saam met die ouer kinders te speel. Wanneer ons oefen, kan dit ons meer selfvertroue gee.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
121, 2	Die bal kom na hom toe. Hy probeer om dit terug te skop na die groot kinders toe, maar hy mis die bal. Sy gesig voel warm. Hy hardloop huis toe.	Ek kan aflei dat Koos graag sokker wil speel, omdat hy kyk hoe die ander kinders speel. Wanneer hy die bal mis skop, sê hulle dat sy gesig warm voel en dat hy weghardloop. So, ek kan aflei dat hy skaam voel wanneer hy die bal mis skop.
127, 1	Koos neem sy nuwe bal buitentoe. Hy skop en skop die bal. Hy sit twee klippe neer as sy doelhok. Hy oefen om die bal tussen die klippe deur te skop.	Ek onthou dat Koos aan die begin van die storie die bal mis geskop het. Ek kan aflei dat hy graag wil oefen om met sokker te verbeter. Op daardie manier sal hy nie weer 'n bal mis skop nie.

Koos sien die groot kinders sokker speel. Hy sit langs die veld. Hy wil ook speel, maar hy is te skaam om te vra of hy saam mag speel.

Die bal kom na hom toe. Hy probeer om dit terug te skop na die groot kinders toe, maar hy mis die bal. Sy gesig voel warm. Hy hardloop huis toe.



“Ek moet oefen,” dink hy. “Ek het ’n bal nodig.”

Koos soek deur die huis na ’n sokkerbal. Hy kry ’n klein rooi bonsballetjie. Hy probeer om dit te skop, maar dit is nie groot genoeg nie. “Ek moet hiervan ’n groter bal maak,” dink hy. Koos dink en dink hoe hy die klein bonsballetjie in ’n groot sokkerbal kan verander.



Koos begin soek na iets om sy bal groter te maak. Hy kry 'n ou koerant langs die asblik. Hy draai die klein bonsballetjie toe in die koerantpapier. Hy probeer dit skop, maar die koerantpapier kom van die balletjie af. “Ek het iets nodig wat sal verseker dat die koerantpapier om die klein bonsballetjie bly,” dink hy.



Koos stap die kombuis binne. Hy kry 'n leë Simba-pakkie wat niemand gebruik nie. Hy draai die pakkie rondom die koerantpapier. Hy probeer dit skop. Die koerantpapier bly in plek, maar dit is nog steeds nie so groot soos 'n sokkerbal nie.




“Hoe kan ek dit groter maak?” dink hy. Hy kry sy ma se ou handsak onder die bed. Hy vra sy ma of hy dit kan gebruik. “Ja,” sê sy ma. “Ek was van plan om dit weg te gooi.” Koos sny die handsak op en draai dit om die bal.



Koos stap die kombuis binne. Hy kry 'n plastieksak wat niemand gebruik nie. Hy draai die plastieksak om die bal en knoop dit vas. Dan kry hy 'n ou tou. Hy draai dit om die bal, om die plastiek in plek te hou. Hy kyk na sy nuwe sokkerbal. Uiteindelik is dit groot genoeg!



Koos neem sy nuwe bal buitentoe. Hy skop en skop die bal. Hy sit twee klippe neer as sy doelhok. Hy oefen om die bal tussen die klippe deur te skop.



'n Paar dae later sit Koos weer langs die veld en kyk hoe die ouer kinders sokker speel. Hy het baie geoefen. Een van die groter kinders kom na hom toe. Sy sê “Ek sien jou doelhok buite jou huis! Jy kan in ons span wees!”

Koos staan op en stap na die veld, reg om saam met die groter kinders te speel.





Lees 1

Wat het Koos eerste gekry?

Hy het eerste 'n klein bonsballetjie gekry.

Wat het Koos volgende gekry?

Hy het 'n ou koerantpapier gekry.

Wat het Koos nog gekry?

Hy het 'n Simba pakkie, sy ma se ou handsak en 'n plastieksak gekry.

Hoekom het die ouer meisie vir Koos gevra om saam met hulle sokker te speel?

- Omdat sy hom sien oefen het.
- Omdat Koos 'n bal gemaak en geoefen het.
- Koos het baie doele geskop toe hy geoefen het.
- Sy het hom sien oefen en doele skop.
- Omdat hy hard gewerk het om beter sokker te speel.



Lees 2

Hoekom was Koos se gesig warm?

Hy was skaam omdat hy die bal mis geskop het.

Hoekom was Koos skaam?

Omdat hy die sokkerbal voor die groot kinders mis geskop het.

Hoe dink jy het Koos gevoel toe die groter kinders hom vra om saam met hulle te speel?

Ek dink Koos het ... gevoel.

Hoekom het Koos so hard gewerk om 'n sokkerbal te maak?

- Omdat hy regtig sokker wou oefen.
- Omdat hy skaam was dat hy die bal mis geskop het en hy wou oefen.
- Omdat hy nie 'n sokkerbal kon vind om mee te oefen nie, en hy wou regtig beter word in sokker.
- Omdat hy nie weer wou skaam voel nie.
- Omdat hy vasbeslote was om beter te word in sokker!



VERHAAL 2


LI JIE, DIE FANTASTIESE EN TALENTVOLLE BOOGSKUTTER

Tema: Ons oefen



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in China.
- Dit het lank gelede gebeur.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat oefening 'n mens help om te verbeter, selfs al voel ons soms skaam oor die foute wat ons maak as ons begin.



Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het, hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Hierdie verhaal is gebaseer op 'n Chinese volksverhaal. 'n Volksverhaal is 'n storie wat oor en oor vertel word vir 'n lang tyd. Volksverhale is dikwels bedoel om ons 'n les te leer.
- Hierdie verhaal gaan oor 'n boogskutter met die naam Li Jie. 'n Boogskutter is iemand wat pyle met 'n boog skiet. Boogskiet is 'n sport wat fokus, beheer en oefening vereis.
- 'n Vaardigheid (soos boogskiet) is iets wat jy leer om goed te doen. Niemand word gebore met 'n vaardigheid soos boogskiet nie – dit is iets wat ontwikkel word met baie oefening en harde werk.
- Die verhaal leer ons dat om goed te wees in iets, nie daarvoor gaan om spesiaal te wees nie. Dit gaan eerder daarvoor om oor en oor te oefen totdat jy verbeter.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
134, 2	“Daar is niemand beter as ek nie!” het hy gedink.	Ek maak die evaluasie dat Li Jie arrogant is – hy dink hy is beter as enigiemand anders, en loop met sy neus in die lug.
136, 1	Toe Li Jie se pyl die middel van die teiken tref, het die skare hande geklap. Li Jie het omgedraai om sy bewonderaars te sien en gebuig.	Ek maak die evaluasie dat Li Jie hou van al die lof wat hy kry, omdat hy omdraai om te sien hoe sy bewonderaars vir hom hande klap.

Lank gelede in antieke China, het daar 'n jong boogskutter met die naam Li Jie gewoon. Hy was regdeur die land bekend vir sy ongelooflike akkuraatheid. Elke keer as hy in die straat gestap het, het hy mense hoor fluister.

“Daar is niemand beter nie!” het die mans gefluister.

“Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!” het die vrouens gefluister.




Li Jie het geglo hy is fantasties. Hy het met sy neus in die lug geloop.

“Daar is niemand beter as ek nie!” het hy gedink.



Eendag het hy geoefen om teikens te skiet by die boogskutgronde. 'n Skare het bymekaar gekom om na Li Jie te kyk. Toe hy sy boog opgetel het, het hy 'n gefluister gehoor. “Daar is niemand beter nie!” het die mans gefluister. “Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!” het die vrouens gefluister.



Toe Li Jie se boog die middel van die teiken tref, het die skare hande geklap. Li Jie het omgedraai om sy bewonderaars te sien en gebuig. Toe hy omgedraai het, het hy 'n ou man gesien wat olie verkoop het. Die ou man het hom dopgehou, maar hy het nie sy hande geklap nie.



Li Jie het geglo dat almal hom bewonder. Hy het na die ou man toe gestap. “Ek sien jy hou my dop, maar jy klap nie hande nie. Het jy al ooit ’n beter boogskutter as ek gesien?” het hy gevra. “Nee, ek het nie!” het die ou man geantwoord. “Hoekom klap jy dan nie vir my hande nie?” het Li Jie kwaai gevra.




Die ou man het vir 'n oomblik gewag.

Toe het hy geantwoord: “Jy is nie 'n superheld nie. Jy is nie 'n god nie. Jy het 'n bekwame boogskutter geword omdat jy geoefen het. Ek is meer beïndruk met jou deursettingsvermoë as met jou akkuraatheid. Li Jie kon nie sy ore glo nie. Hy het geglo dat almal hom moes bewonder. “Wat kan jy dan doen? Watter vaardigheid het jy dat jy nie beïndruk is met my nie?” het hy gevra, terwyl hy sy stem verhef het.



Die ou man het niks gesê nie. In plaas daarvan, het hy 'n bottel van sy tafel afgehaal en dit op die grond neergesit. Toe het hy 'n koper muntstuk oor die opening van die bottel geplaas. Die ou man het 'n lepel vol olie uit sy groot fles geskep, dit hoog bo die bottel gehou en die olie deur die klein gaatjie in die muntstuk laat drup en die bottel begin vol maak.



Die skare het verstom na die ou man gekyk. Soos die bottel vol olie word, het Li Jie 'n gefluister gehoor.

“Daar is niemand beter nie!” het die mans gefluister.

“Ons het nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie!”
het die vrouens gefluister.



Die ou man het nie gedink hy is fantasties nie. Hy het nie met sy neus in die lug geloop nie.

“Hierdie is niks besonders nie,” het hy gesê. “Ek het hierdie vaardigheid omdat ek oefen. As jy aanhoudend oefen, kan jy net so akkuraat soos ek wees.” Met daardie woorde het hy weggeloop.



Li Jie is alleen op die veld agtergelaat, diep in gedagte. Die skare wat op die kantlyn was, was besig om te fluister.

“Ek het nie gedink dat enige man of vrou ooit so fantasties en akkuraat kan wees soos ek nie!” het Li Jie gedink.

“Miskien as ons boogskiet oefen, kan ons beter wees!” het die mans gefluister.

“Miskien het ons nog nooit sulke akkuraatheid gesien nie, want niemand anders het al ooit so hard gewerk nie!” het die vrouens gefluister. Van daardie dag af, het die mense van daardie land harde werk en oefening bo vaardigheid gestel.





Lees 1

Waarin is Li Jie 'n deskundige?

Hy is 'n deskundige in boogskiet.

Wat ag die ou man van waarde?

Hy ag oefening van waarde bo vaardigheid.

Hoekom het die ou man nie vir Li Jie hande geklap nie?

- Omdat hy nie gedink het Li Jie is 'n superheld of 'n god nie.
- Omdat hy besef het dat Li Jie deur oefening 'n goeie boogskut was.
- Omdat hy nie deur Li Jie beïndruk was nie.
- Omdat almal 'n deskundige kan wees in iets as hulle oefen.



Lees 2

Waarin is die ou man 'n deskundige?


Hy is 'n deskundige om olie deur 'n klein gaatjie te gooi.

Watter bewyse kan ons gebruik om af te lei dat Li Jie arrogant was?

- Ons kan hierdie afleiding maak, want:
- Hy het geglo hy is fantasties
- Hy het met sy neus in die lug geloop.
- Hy was kwaad toe hy sien die ou man het nie vir hom hande geklap nie.
- Hy het gedink almal moet hom bewonder.

Hoekom is Li Jie verbaas dat die ou man nie vir hom hande geklap het nie?

- Omdat almal gesê het hy is die beste.
- Omdat hy gewoon was daaraan dat almal sy boogskutvaardighede bewonder.
- Omdat hy gedink het hy is die beste.
- Omdat hy homself nie kan voorstel dat die ou man al ooit 'n beter boogskut gesien het nie.



VERHAAL 3

STACEY SE EERSTE BOEK

Tema: Ons is skrywers



Agtergrondinligting

- Hierdie verhaal is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit het onlangs gebeur.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te glo dat hulle skrywers kan wees, en dat hulle idees belangrik is en dat dit die moeite werd is om dit met ander te deel.



Begripstrategie: Soek en onthou besonderhede

- Wat is dit: Om belangrike besonderhede soos karakters, plekke en gebeure te soek en onthou.
- Waarom ons dit gebruik: Om by te hou met wat gebeur het en die verhaal beter te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die storie te praat en om die volgorde van gebeure te verstaan.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- 'n Skrywer is 'n persoon wat boeke skryf. Skrywers dink aan idees en skryf dan daaroor. Boeke word deur mense geskryf – selfs kinders kan skrywers wees.
- Om 'n boek uit te gee, beteken om dit te druk sodat ander mense dit kan lees. Skrywers hou soms 'n boekbekendstelling om te vier dat hulle boek gedruk en gereed is om gelees te word.
- 'n Droom is iets wat jy hoop om te bereik. Mense kan hard werk om hulle drome te verwesenlik. Selfs jongmense kan groot drome hê!
- Dit sluit aan by die vorige tema: Om 'n boek te skryf, neem tyd en oefening. Skrywers beplan, skryf en redigeer (maak reg/beter) hulle skryfwerk. Skrywers het selfvertroue en selfdissipline nodig.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
151, 3	“Het sy ’n boek geskryf?” vra haar pa. “Wat is die titel daarvan?” “Dit is ‘Smelly cats’. Sy sê sy wil dit publiseer. Ek wonder of dit moontlik is?” het haar ma hardop gewonder.	Wat is die titel van Stacey se eerste boek? Ek leer hier dat dit ‘Smelly cats’ genoem word. ‘Smelly cats’ is Engels vir katte wat stink.
152, 1	Stacey se ouers het die boek gelees, maar hulle was onseker. “Ek wonder of dit ooit gepubliseer kan word,” het haar pa hardop gedink. “Stacey is so jonk! Hoe kan ’n sewejarige ’n boek publiseer?” het haar ma hardop gewonder.”	Hoe het Stacey se ouers gevoel oor Stacey se boek wat gepubliseer gaan word? Ek lees hier dat hulle onseker gevoel het.

Stacey Fru is in 2007 in Johannesburg, Suid-Afrika, gebore. As 'n baba het sy graag op haar ouers se skoot gesit, terwyl hulle die een na die ander boek vir haar gelees het. Hulle het na die kleurvolle prente gewys, terwyl Stacey koer en kraai.



Toe sy 'n kleuter was, het sy op die vloer voor haar groot boekrak gesit en die een na die ander boek uitgetrek.

Sy was gek daaroor om deur die boeke te blaai en na die kleurvolle prente te kyk. Sy het baie daarvan gehou om elke liewe woord te lees.



Stacey het haar verbeel dat die boeke wat sy lees, geskryf en geïllustreer is deur kinders, net soos sy. Sy het besluit sy wil soos hulle wees. Sy wou haar eie boek skryf, en dit is presies wat sy gedoen het.



Eendag, toe Stacey maar sewe jaar oud was, het haar ma haar kamer binnegestap. “Kyk! Dit is die laaste bladsy van my boek!” het Stacey aangekondig, terwyl sy haar laaste bladsy in die lug hou. Haar ma het die stapel voltooide bladsye op haar lessenaar gesien lê. “Ek wil dit publiseer,” het Stacey met selfvertroue gesê, “sodat ander kinders dit kan lees!”




Daardie aand het Stacey se ouers saam in die bed gesit.

“Het jy geweet Stacey het ’n hele boek geskryf?” vra Stacey se ma.

“Het sy ’n boek geskryf?” vra haar pa. “Wat is die boek se naam?”

“Dit is ‘Smelly cats’. Sy sê sy wil dit publiseer. Ek wonder of dit moontlik is?” het haar ma hardop gewonder.



Stacey se ouers het die boek gelees, maar hulle was onseker.

“Ek wonder of dit ooit gepubliseer kan word,” het haar pa hardop gedink.

“Stacey is so jonk! Hoe kan ’n sewejarige ’n boek publiseer?” het haar ma hardop gewonder.



Tog wou hulle Stacey help om haar drome te laat waar word.

Stacey se ma het haar boek na 'n uitgewer geneem.

Die uitgewer het elke liewe woord van 'Smelly cats' gelees.

“Ek dink dit moet gepubliseer word!” het hy gesê.

Stacey het gestraal van trots.



Toe ‘Smelly cats’ uiteindelik gepubliseer is, het Stacey gehelp om ’n boekbekendstelling te organiseer. Sy wou daarmee ander kinders en ouers alles van haar boek vertel.

“Ek het hierdie boek op my eie geskryf,” het Stacey die gehoor vertel.

“Ek dink dit is belangrik vir meer kinders – veral kinders van Afrika – om hulleself deur skryfwerk uit te druk!”





Die aandag wat sy met ‘Smelly cats’ ontvang het, was baie meer as die boekbekendstelling. Die boek is deur die Nasionale Departement van Onderwys goedgekeur. Dit beteken dat kinders hierdie boek by skole mag lees! In 2015 het Stacey ’n toekenning gewen – Beste Publikasie vir Vroeë Kinderontwikkeling. Haar ouers het trots toegekyk hoe sy die verhoog opstap om haar toekenning te ontvang.

“Sy is so toegewyd!” het haar ma gesê.

“Ons moes nooit in haar getwyfel het nie!” het haar pa gesê.

“Ons moet nooit weer in haar idees twyfel nie!” het haar ma saamgestem.

Stacey se ouers het gestraal van trots.

Sedert sy 'Smelly cats' geskryf het, het Stacey aangehou om boeke vir kinders soos sy te skryf. Haar werk gaan egter verder as om net te skryf. Stacey is nou 'n filantroop. Sy het haar eie stigting begin wat help om boeke, rekenaars, klere en kos aan minderbevoorregtes te skenk.



Stacey het haar sukses gebruik om 'n motiveerder en aktivis te word. In hierdie rol gee sy toesprake wat sy hoop kinders sal opvoed en inspireer.



Met Stacey se eerste toespraak het sy honderde Matriekleerders geïnspireer.

“Jy is nooit te oud of te jonk om jou drome uit te leef nie!” het sy gesê.





Lees 1

Wat was die titel van Stacey se eerste boek?

Die titel van haar boek was 'Smelly cats'. Dit is Engels vir 'stink katte'.

Hoe oud was Stacey toe sy haar eerste boek geskryf het?

Sy was net sewe jaar oud.

Hoekom het Stacey se ouers getwyfel?

- Omdat hulle nie geweet het of Stacey dalk te jonk was om 'n boek te skryf nie.
- Omdat hulle nie geweet het of haar boek gepubliseer kon word nie.
- Miskien het hulle nie geweet of haar boek goed genoeg was om gepubliseer te word nie.



Lees 2

Hoe het Stacey se ouers gevoel toe sy haar boek wou publiseer?

- Hulle het getwyfel.
- Hulle was onseker of sy te jonk was om 'n boek te publiseer.
- Hulle was nie seker of enige iemand haar boek sou publiseer nie.

Hoekom was Stacey se ouers trots op haar?

- Omdat sy 'n toekenning gewen het.
- Omdat sy 'n boek gepubliseer het.
- Omdat sy so toegewyd was.

Hoekom het Stacey vir die matriekleerders gesê: "Jy is nooit te jonk of te oud om jou drome uit te leef nie"?

- Omdat sy hulle wou inspireer om hul drome uit te leef.
- Omdat sy toesprake maak om kinders soos sy op te voed en te inspireer.
- Omdat sy jonk was toe sy haar droom bereik het.
- Die feit dat Stacey 'n boek op sewejarige ouderdom publiseer het, is 'n bewys dat jy nooit te jonk is om jou drome uit te leef nie. Stacey wil hê alle kinders moet dit weet!

VERHAAL 4

DIE WÊRELD SE EERSTE SKRYWERS

Tema: Ons is skrywers



Agtergrondinligting

- Hierdie verhaal is gebaseer op feite.
- Dit speel af in wat ons vandag ken as Irak.
- Dit het lank gelede gebeur.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat skryfwerk 'n belangrike menslike uitvinding is en dat skrywers help om idees, verhale en inligting vir ander op te teken.



Begripstrategie: Monitor begrip

- Wat is dit: Kontroleer jou eie begrip van die storie terwyl jy lees en wag 'n bietjie as iets nie duidelik is nie.
- Waarom ons dit gebruik: Om te erken as jy iets nie verstaan nie en om dit reg te stel.
- Hoe dit help: Dit hou jou betrokke en bevorder begrip deur misverstande dadelik aan te spreek.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Wat is skryfwerk nou eintlik? Dit is 'n manier om idees vas te lê deur letters of simbole te gebruik. Ons gebruik skryfwerk om verhale te vertel, boodskappe te stuur en inligting te onthou. Skryfwerk is 'n soort tegnologie ('n soort gereedskap wat mense geskep het om hulle te help).
- Hierdie verhaal speel meer as 5 000 jaar gelede af, wat baie lank gelede is. Ons noem dit die "antieke tye". In die antieke tye het mense nog nie boeke, rekenaars of selfs papier gehad nie. Die alfabet was nog nie uitgevind nie! Daarom het mense op kleitablette geskryf, en hulle het prente en simbole gebruik om te skryf.
- Aan die heel begin, het mense prente in hulle skryfwerk gebruik om voorwerpe voor te stel. Met die verloop van tyd het prente in simbole verander. Ons alfabet van vandag het ontwikkel uit antieke skryfstelsels.
- Toe mense saam in stede begin woon het, het hulle 'n manier nodig gehad om tred te hou en dinge te onthou. Dit is toe skryf uitgevind is. Skryf het hulle gehelp om inligting te onthou en te deel.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
167, 1	Die kleitablet is dan in die son gesit om droog te word. Sodra dit hard en droog was, is die kleitablette gebêre om te dien as rekords wat dae, weke of selfs jare later gelees kon word.	Kom ek stop en dink. Hulle skryf op klei en laat dit droog word, sodat hulle dit vir 'n lang tyd kan bêre. Kom ek kyk of ek verstaan: Hulle skryf op nat klei. Hulle moet dit in die son laat droog word, voordat hulle dit as rekord kan bêre. Dit klink meer ingewikkeld as om 'n papier en pen te gebruik. Ek wonder hoekom hulle nie eerder papier gebruik het nie?
169, 2	Daarom het die prente van koringare in 'n simbool vir koring ontwikkel, wat makliker was om te teken. Dit is toe algemeen aanvaar dat die simbool van koring, koring beteken, al het dit nie meer soos die prent van koring gelyk nie.	Kom ek stop en dink. Toe hulle aanvanklik begin skryf het, het hulle prentjies geteken. Mettertyd het die prentjies eenvoudiger geword en vinniger om te teken. Ek wonder hoekom? Kom ek kyk of ek verstaan: Mettertyd het gedetailleerde prentjies verander om eenvoudiger te wees – en dit het minder gelyk na die item waarna dit verwys.

Mense het 'n klomp verskillende tegnologie ontwikkel.
Ons het motors, rekenaars en selfone ontwikkel.
Ons het radios, robotte en yskaste ontwikkel. Die
indrukwekkendste menslike tegnologie is iets wat
redelik eenvoudiging voorkom: skryfkuns!



Mense het eers 5,000 jaar terug begin skryf. Een van die plekke waar die skryfkuns uitgevind is, is Sumer genoem. Sumer het in 'n plek bestaan wat ons vandag as Irak ken. Sumer is een van die eerste plekke in die wêreld waar mense in stede begin woon het. Om soveel mense op een plek te hê, het die manier waarop mense geleef het, verander.



Die mense van Sumer het groot tempels binne die stadsmure gebou waar hulle hul gode kon aanbid. Tog was die tempels nie net vir aanbidding gebruik nie, maar ook as pakhuise, waar 'n verskeidenheid goedere gestoor is. Die tempel se skrybas moes 'n sisteem ontwikkel om rekord te hou van alles wat in die tempel gestoor is, sodat hulle nie iets sou vergeet nie. Dit is hoe die skryfkuns ontstaan het.




Verbeel jou, die priesters wou aan die einde van die oesseisoen 10 mandjies koring in die tempel stoor. Die skriba sou 'n klein prent van 'n koringaar teken, en dan 10 telmerke op sy kleitablet gemaak het.



Die kleitablet is dan in die son gesit om droog te word. Sodra dit hard en droog was, is die kleitablette gebêre om te dien as rekords wat dae, weke of selfs jare later gelees kon word.




Die eerste skryfkunssisteme was anders as ons alfabet. Hulle is saamgestel uit klein prente wat verskillende voorwerpe voorgestel het.



Oor 'n tydperk, toe meer en meer goed in die tempels ingebring is, het prente in simbole ontwikkel. Soos wat meer en meer verskillende goed in die stad se tempels gestoor is, moes die skribas al hoe vinniger geskryf het. Hulle het nie baie tyd gehad om perfekte prente van koringare of ander goedere te teken nie.

Daarom het die prente van koringare in 'n simbool vir koring ontwikkel, wat makliker was om te teken. Dit is toe algemeen aanvaar dat die simbool van koring, koring beteken, al het dit nie meer soos die prent van koring gelyk nie.



Die priesters en skribas moes verstaan wat hulle in hulle eie tempels gestoor gehad het, asook wat hulle altesaam gehad het. Die skribas van al die verskillende tempels in Sumer het toe bymekaar gekom en op 'n standaardstelsel van simbole ooreengekom, wat hulle almal sou gebruik. Die skryfsisteem word nou wigskryfkuns genoem.



Dieselfde proses het in verskillende beskawings regoor die wêreld gebeur – in Egipte, Peru en China. Ons moderne skryfkuns is op hierdie verskillende vorms van antieke skryfkuns gebaseer.



Met die uitvinding van die skryfkuns, kon mense idees en verhale aanteken. Ons kon besighede en rykdom bou. Ons kon boodskappe na afgeleë plekke stuur. Die uitvinding van skryfkuns het mense se lewens vir ewig verander.





Lees 1

Waar is skryfkuns eerste uitgevind?

In Sumer, waar Irak vandag is.

Waarop het die mense van Sumer geskryf?

Hulle het op kleitablette geskryf.

Hoekom is die eerste skryfkuns uitgevind?

- Omdat goedere in die tempels gestoor was en die mense wat daar gewoon het, moes 'n manier vind om te onthou wat in die stoor was.
- Omdat skribas en priesters moes weet hoeveel goedere hulle altesaam gehad het.



Lees 2

Hoe lank gelede is skryfkuns uitgevind?

Skryfkuns is 5,000 jaar gelede uitgevind.

Waar in Sumer is skryfkuns uitgevind?

Dit is in die tempels uitgevind.

Hoekom het skryfkuns oor die jare verander?

- Omdat dit lank geneem het om prente te teken en skribas moes vinniger begin skryf.
- Die skryfkuns het verander soos wat daar meer en meer goedere na die tempels toe gebring is. Die skribas moes vinniger skryf.
- Die skribas van die verskillende tempels moes mekaar se skryfkuns kon lees, toe het hulle bymekaar gekom en simbole ontwerp, sodat hulle almal dieselfde simbole kon gebruik.



VERHAAL 5

PIET MAAK 'N NUWE VRIEND

Tema: Ons het medelye



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat medelye beteken om om te gee oor hoe ander mense voel en hulle in te sluit wanneer ons speel.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die storie beter te verstaan, deur dit te verbind aan dinge wat ons reeds ken.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Medelye beteken om raak te sien wanneer iemand eensaam, hartseer of uitgesluit voel. Dit beteken om om te gee vir iemand anders se gevoelens en te kies om hulle te help of in te sluit.
- Ons kan vriendeliker keuses maak wanneer ons ons voorstel hoe ons in iemand anders se situasie sou voel (deur onself in iemand anders se skoene te plaas). Wanneer ons tye onthou toe ons eensaam of senuweeagtig gevoel het, kan dit ons help om met medelye op te tree.
- Maats sit dikwels saam tydens middagete en hulle speel ook gewoonlik saam. Nuwe of skaam leerders mag dalk senuweeagtig voel om te vra om saam te speel, veral wanneer ander reeds maats het. Om iemand in te sluit deur hulle te nooi om saam te sit en kuier of saam te speel, kan 'n groot verskil maak.
- Niemand kan ons dwing om vriendelik/goed te wees nie. Vriendelikheid is 'n keuse.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
182, 1	Toe Piet die aand in die bed lê, dink hy aan toe hy net met skool begin het, voor hy vir Stefan en Theo geken het. Hy dink aan daardie paar weke toe hy alleen tydens pouses gesit het en gehoop het dat iemand by hom kom sit. “Miskien hoef ek nie,” dink Piet, “maar ek wil.”	Piet dink aan hoe alleen hy gevoel het toe hy nie maats gehad het by wie hy pouses kon sit nie. Dit help hom om ’n konneksie met Willem te maak. Hy besef dat Willem eensaam moet voel, net soos hy gevoel het. Hy weet hoe hartseer dit voel. Ek dink dit is wat Piet laat besluit om vriendelik te wees.
184, 3	“Ja, jy. Wil jy by ons kom sit?” Willem se hele gesig verander in ’n glimlag. “Asseblief!” sê hy.	Ek kan ’n konneksie maak. Ek het eenkeer my sitplek op die bus aan ’n ouer tannie wat gestaan het, aangebied. Ek wou graag my eie sitplek hê, want dit was ’n lang rit, maar ek het geweet dat sy dit nodiger het as ek. Sy het so gelukkig gelyk toe ek my sitplek vir haar gee. Ek het trots gevoel omdat ek gekies het om vriendelik te wees en iemand goed te laat voel. Ek dink Piet voel ook trots.

Piet het alles saam met Stefan en Theo gedoen. Hulle het altyd saam onder dieselfde boom gesit om hul middagete te eet. Hulle het altyd op dieselfde plek in die veld hulle sokkerbal heen en weer geskop.



Toe die klok op 'n dag lui vir pouse, roep mnr. Nel vir Piet om agter te bly in die klas. Piet kyk na Stefan en Theo. Hulle kyk terug na hom. “Ek kry julle buite,” sê Piet.



“Piet, ek het jou geroep om met jou oor een van jou klasmaats te praat,” sê mnr. Nel. “Ek het opgemerk dat Willem baie skaam is. Ek sien dat hy elke pouse alleen sit. Ek het gehoop dat jy hom by jou vriende kan laat aansluit.” Piet weet nie wat om te sê nie. Hy wil vir mnr. Nel sê dat Willem stil en vreemd is, sy vriende wil nie met Willem speel nie, maar Piet sê niks nie.



Toe Piet buitentoe gaan, sit Stefan en Theo reeds op hulle gewone plek. “Is jy in die moeilikheid?” vra Theo.

“Nee – mnr. Nel het my potlood op die vloer gekry,” jok Piet. Hy was nie lus om hulle te vertel wat mnr. Nel gesê het nie. Nie voor hy ten minste daaroor gedink het nie.



Daardie aand kla Piet by sy ma. “Ag! mnr. Nel het my gevra om vriende te wees met die vreemde seun, Willem,” kla Piet. “Hy het nie vriende nie en hy praat nie eens met enigiemand nie. Ek weet nie hoekom hy my gevra het om met hom te speel nie?” Piet se ma kyk aandagtig na hom. “Wel, jy hoef nie. Mnr. Nel het jou net gevra. Mnr. Nel kan jou nie forseer om dit te doen, as jy nie wil nie,” sê sy ernstig. Dit laat Piet beter voel. “Ek hoef nie met daardie vreemde kind te speel nie,” dink hy.



Toe Piet die aand in die bed lê, dink hy aan toe hy net met skool begin het, voor hy vir Stefan en Theo geken het. Hy dink aan daardie paar weke toe hy alleen tydens pouses gesit het en gehoop het dat iemand by hom kom sit. “Miskien hoef ek nie,” dink Piet, “maar ek wil.”



Die volgende dag sit Piet by Stefan en Theo. Hy sien hoe Willem op sy eie sit. “Ek dink ons moet kyk of Willem by ons wil sit,” sê Piet.

“Willem? Hoekom wil jy hom by ons laat aansluit?” vra Theo laggend.

“Ja! Hy lyk nie na pret nie!” sê Stefan.

“Ek dink hy is alleen,” sê Piet. “Ek voel jammer vir hom. Nie een van ons sal daarvan hou om pouse alleen te sit nie. Plus, as ons ’n vierde vriend het, kan ons in spanne speel.”

“Nou maar goed,” stem Theo en Stefan saam.



Piet stap na Willem. “Haai! Wil jy by ons kom sit?”

Willem kyk om. “Ek?” vra hy.

“Ja, jy. Wil jy by ons kom sit?”

Willem se hele gesig verander in ’n glimlag. “Asseblief!”
sê hy.



Nadat hulle geëet het, gebruik die seuns klippe om doelhokke te maak. Hulle speel twee teen twee. “Dit was die beste sokker wat ons nog ooit gespeel het!” sê Theo. “Kom speel weer môre saam met ons!” sê Stefan vir Willem.



“Ek is trots op jou, Piet,” sê mnr. Nel aan die einde van die dag, toe Piet by die deur uitloop. Hy voel trots.





Lees 1

Wie is Piet se onderwyser?

Sy onderwyser is mnr. Nel.

Wat het mnr. Nel Piet gevra om te doen?

Hy het Piet gevra om Willem pouse by hulle te laat sit.

Saam met wie het Willem gewoonlik tydens pouse gesit?

Hy het gewoonlik alleen gesit.

Hoekom was mnr. Nel trots op Piet?

- Omdat Piet besluit het om Willem te vra om by hom en sy vriende te sit.
- Omdat Piet gaaf was. Hy het nie nodig gehad om gaaf te wees nie!
- Omdat Piet Willem by hulle laat aansluit het.
- Omdat Piet gedoen het wat mnr. Nel hom gevra het.



Lees 2

Hoe lank het dit Piet geneem om te besluit of hy Willem gaan insluit?

Dit het hom een aand geneem.

Hoe het Willem gevoel toe Piet hom vra om saam te speel?

Verras/gelukkig

Aanvanklik wou Piet nie vir Willem insluit nie. Kan jy 'n verband sien? Wou jy al ooit iemand uitsluit? Hoekom?

Leerder se eie reaksie.

Hoekom het Piet besluit om Willem in te sluit?

- Omdat hy gedink het hoe dit voel om pouses alleen te sit.
- Omdat hy besef het dat toe hy alleen gesit het, het hy gewens iemand wil by hom kom sit.
- Omdat hy besef het dit was die regte en vriendelike ding om te doen.



VERHAAL 6

DIE EKSTRA TOEBROODJIE

Tema: Ons het medelye



Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat medelye kan beteken om ander in nood te help, selfs wanneer dit opoffering verg.



Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het, hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Medelye beteken om raak te sien wanneer iemand sukkel of in nood verkeer. Dit beteken om om te gee oor hoe hulle voel en te kies om te help, selfs al is dit nie maklik nie.
- Maats ondersteun mekaar in moeilike tye. Klein dade van vriendelikheid, soos om jou kos te deel, kan 'n groot verskil maak. Om ander te help, kan ons ook gelukkig en trots op onself laat voel.
- 'n Belofte is wanneer jy sê jy sal iets doen en jou woord hou. Hannes het belowe om niemand te vertel dat Gert nie middagete geëet het nie. Alhoewel dit makliker sou gewees het om alles aan sy ma te verduidelik, het hy gekies om sy maat se wense te respekteer en sy belofte te hou.
- Medelye is nie altyd maklik nie. Soms beteken om vriendelik te wees, om iets prys te gee wat ons wil hê. Ons moet dalk deel, wag, of sonder iets klaarkom wat ons wil hê.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
191, 4	Hannes breek sy toebroodjie in twee en gee die helfte vir Gert. “Ek sal nie – belowe,” sê hy.	Wanneer ons medelye toon, plaas ons onself in iemand anders se skoene. Ons behandel hulle op dieselfde manier as wat ons graag behandel wil word. Ek maak die evaluasie dat Hannes iemand met medelye is, omdat hy uit sy eie besluit om sy kos met sy maat te deel – niemand moes hom eers vra nie.
194, 2	“Weer ’n ekstra toebroodjie?” vra sy ma nuuskierig. “Mmm ... ek het vandag sport, so ek het ekstra kos nodig,” jok hy.	Hannes vertel ’n wit leun om sy belofte aan sy maat te hou. Ek maak die evaluasie dat hy probeer om ’n goeie maat te wees. Dit is nog ’n bewys dat Hannes vriendelik is en vol medelye – hy dink aan ’n verskoning om ’n ekstra toebroodjie te kry, sodat hy nie sy belofte aan sy maat verbreek nie.

Een Maandag haal Hannes toebrødjies uit sy kosblik. Dit is hoender mayonnaise – sy gunsteling. Hy neem ’n happie, maar hy sien dat Gert nie eet nie.

“Waar is jou middagete?” vra Hannes vir Gert.

“Ek het nie vandag middagete nie,” sê Gert. “My ma was in ’n ongeluk en nou is sy in die hospitaal. Ons het nie brood by die huis nie, maar moenie vir iemand sê nie.”

Hannes breek sy toebrødjie in twee en gee die helfte vir Gert.

“Ek sal nie - belowe,” sê hy.



Dinsdagoggend stap Hannes die kombuis binne.

“Asseblief Mamma, kan ek vandag twee broodjies kry vir middagete?” vra hy mooi.

“Twee? Hoekom twee?” vra sy ma.

“Mmm ... ek is vandag ekstra honger!” sê hy oortuigend.

“Miskien groei hy?” dink Hannes se ma, soos wat sy die tweede toebroodjie in sy kosblik sit.



Met pouse, neem Hannes die twee broodjies uit sy kosblik en geen een vir Gert.

“Vir my?” vra Gert, hy lyk verras.

“Ek sal elke dag vir jou middagete bring totdat jou ma terug is by die huis,” sê Hannes, “moenie bekommerd wees nie.”



Woensdag voor skool, glip Hannes vroeg in die kombuis in om 'n toebroodjie vir Gert te maak. Hy wil nie weer sy ma vra om 'n ekstra broodjie te maak nie, maar sy ma stap verby net soos wat hy die grondboontjiefotter op die brood smeer.

“Weer 'n ekstra toebroodjie?” vra sy ma nuuskierig.

“Mmm ... ek het vandag sport, so ek het ekstra kos nodig,” jok hy.



Tydens pouse haal Hannes die twee toebroodjies uit sy kosblik – die ham en kaas toebroodjie wat sy ma vir hom gemaak het en die grondboontjiegatter toebroodjie wat hy self gemaak het. “Watter een wil jy hê?” vra hy sy maat.

“Kan ek die ham en kaas kry?” sê Gert.

“Enige tyd!” antwoord Hannes vriendelik, selfs al sou hy graag self die ham en kaas toebroodjie wou hê.



Donderdagoggend neem Hannes aspris ekstra lank om te was en aan te trek, sodat hy nie tyd sal hê vir ontbyt nie.

“Hannes! Jy is laat!” roep sy ma.

“Jammer, Mamma,” roep hy terug. “Maak asseblief vir my ’n toebroodjie vir ontbyt!”

Soos wat hy skool toe loop, sit hy die ekstra toebroodjie in sy kosblik. Hy besluit hy kan vir een dag sonder ontbyt bly.



Teen middagete, grom Hannes se maag, maar hy gee sonder om twee keer te dink sy ekstra broodjie vir sy maat.



Daardie aand, terwyl Hannes buite speel voor aandete, kry sy ma 'n telefoonoproep.

“Dit is Gert se ma,” sê die stem op die telefoon.

“Gert sê vir my jy het elke dag vir hom middagete gestuur terwyl ek in die hospitaal was. Baie dankie dat jy vir hom gesorg het,” sê sy.

Hannes se ma glimlag by haarself. Sy verstaan nou uiteindelik die twee toebroodjies.



Hannes se ma roep: “Hannes, ek moet met jou praat, kom sit hier.”

“Ag nee, sy gaan met my raas omdat ek te veel toebroodjies geëet het!” dink hy.

“Ek weet nou hoekom jy vir ekstra middagete gevra het,” sy ma glimlag, “maar hoekom het my nie net vertel nie?”


“Wel, ek het Gert belowe ek sal niemand vertel dat hy nie kos by die huis het nie,” sê Hannes.

“Dit was baie bedagsaam van jou, Hannes. Ek is trots op jou!”



Die volgende dag met middage, haal Gert 'n
stokkielekker uit sy kosblik.

“Dit is vir jou, van my en my ma af,” sê Gert.



Soos wat Hannes sy stokkielekker suig, dink hy hoe lekker dit gevoel het om sy maat te help.





Lees 1

Watter tipe toebroodjie is Hannes se gunsteling?

Hannes se gunsteling is 'n hoender mayonnaise toebroodjie.

Vir wie het Hannes ekstra toebroodjies gebring?

Hy het ekstra toebroodjies gebring vir sy maat Gert.

Hoekom het Hannes nie vir sy ma vertel dat die ekstra broodjie vir Gert is nie?

- Omdat hy sy maat belowe het om vir niemand te sê nie.
- Omdat hy nie sy belofte met Gert wou verbreek nie.
- Omdat hy 'n goeie maat wou wees.
- Omdat hy 'n deernisvolle/vriendelike/bedagsame maat is.



Lees 2

Wat was Hannes nie veronderstel om vir iemand te vertel nie?

Hy was nie veronderstel om vir enige iemand te sê dat Gert nie kos by die huis het nie.

Vertel van 'n keer wat jy bedagsaam teenoor 'n maat was, soos Hannes.

Ek was bedagsaam teenoor 'n maat toe ek ...

Hoe het Hannes sy bedagsaamheid teenoor sy maat gewys?

- Hy het elke dag, wat sy ma siek was in die hospitaal, vir hom kos gebring.
- Hy het sy maat se geheim bewaar.
- Hy het verskonings uitgedink om ekstra kos te kry, net om sy maat se geheim te bewaar.
- Hy het vir sy maat die toebroodjie gegee wat sy eintlik wou hê.
- Hy het sy ontbyt opgeoffer sodat sy maat middagete kon hê.

VERHAAL 7

WILLIAM SE

BRILJANTE

WINDPOMP

Tema: Ons is ingenieurs



Agtergrondinligting

- Hierdie verhaal is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Malawi.
- Dit vind plaas in die onlangse hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan hoe ingenieurs kreatiwiteit, materiale en probleemoplossing kan gebruik om die lewe vir mense beter te maak en werklike probleme op te los.



Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit: Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het, hou.
- Waarom ons dit gebruik: Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe dit help: Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Ingenieurs kyk in die wêreld rondom hulle na allerhande probleme, en dink aan kreatiewe maniere om dit op te los. Hulle ontwerp en bou dinge wat mense help.
- Ingenieurs gebruik nie altyd nuwe of duur materiale nie. Soms omskep hulle ou materiale of items wat weggegooi is, in iets nuuts en nuttigs. Daardie soort kreatiwiteit is deel van ingenieurswese!
- 'n Windpomp draai wanneer die wind waai. Hierdie beweging kan gebruik word om elektrisiteit op te wek of water uit die grond te pomp. In Suid-Afrika word windpompe dikwels op plase gebruik om water te pomp.
- Om nuwe idees te probeer, kan moed en vasberadenheid verg. Wanneer mense iets nuuts probeer, kan ander lag of nie glo dat dit sal werk nie. Ingenieurs moet aanhou probeer, selfs wanneer dinge moeilik is.
- Goeie uitvindings help nie net een persoon nie. Hulle kan die lewe van baie mense verbeter deur probleme, soos 'n gebrek aan water of elektrisiteit, op te los.




Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
208, 1	In sy vryetyd het William daarvan gehou om biblioteek toe te gaan en te lees.	William kon nie skool toe gaan nie, maar hy het steeds biblioteek toe gegaan om op sy eie te leer. Ek maak die evaluasie dat William vasberase was om te leer.
214, 2	William het gewerk en gewerk om 'n groot windpomp in die middel van Wimbe te bou. Met die krag van sy tweede windpomp, het hy water uit 'n diep put gepomp. Dit het beteken dat Wimbe se boere nie hoef te gewag het vir die reën nie – daar was altyd water vir hul landerye!	William was vasberade om nie net homself nie, maar ook ander te help. Ek kan hierdie evaluasie maak omdat William 'n windpomp vir almal in sy dorpie gebou het.

Hierdie storie is gebaseer op die ware storie van William Kamkwamba. William het sy kreatiwiteit gebruik om ander mense te help in 'n baie moeilike tyd!




William het groot geword in 'n klein dorpie in Malawi, met die naam Wimbe. Toe William jonk was, was daar geen elektrisiteit in sy dorpie nie. Die mense in William se dorpie het staat gemaak op die reën om hul landerye nat te maak.



Toe William 14 jaar oud was, het Malawi 'n vreeslike droogte beleef. Daar was nie genoeg kos nie en die mense in sy dorpie het begin om dood te gaan. William se familie het net genoeg kos gehad om elke aand 'n klein maaltyd te eet. William is gedwing om die skool te verlaat toe sy ouers nie genoeg geld vir die skoolfonds gehad het nie.




In sy vryetyd het William daarvan gehou om biblioteek toe te gaan en te lees. Op 'n dag kry William 'n boek met die titel "Om energie te gebruik." Die boek het 'n groot windpomp op die voorblad. Die boek het verduidelik dat windpompe gebruik kan word om energie op te wek. Die boek het ook aanwysings gegee hoe om 'n windpomp te bou. Daardie dag het William besluit om elektrisiteit en water na sy dorpie te bring, deur dieselfde windpomp te gebruik.



Nietemin was dit nie maklik vir William om al die materiale in die boek te vind nie. Terwyl ander kinders van sy ouderdom in die skool was, het William gesoek na materiale in die skrootwerf. William het ou trekkeronderdele, stukke van ou fietsrame, plastiese pype en selfs ou stukke yster gevind.



Op die dae wat William op die skrootwerf rondgesoek het, het mense gesê hy is mal. Hulle het hom gespot. Hulle het vir hom gelag, maar William het nie toegelaat dat hierdie nare woorde hom stop nie, want hy was vasbeslote om 'n windpomp te bou.




By die huis het William die instruksies in sy boek gevolg en al die materiale wat hy opgetel het, gebruik om 'n klein windpomp te bou. Een aand het hy uiteindelik 'n plastiese pyp op die regte plek ingesit, en die windpomp het begin draai.




William se nuwe uitvinding het genoeg krag gemaak om vier gloeilampies te laat brand en 'n radio in hulle huis te laat speel! William het die elektrisiteit gebruik om saans te lees wanneer dit donker was buite. Die ligte in hulle huis het hom vry laat voel.





William wou meer doen as om net elektrisiteit na sy dorpie te bring – William wou seker maak al die mense in sy dorpie het elektrisiteit en water vir hulle landerye.

William het gewerk en gewerk om 'n groot windpomp in die middel van Wimbe te bou. Met die krag van sy tweede windpomp, het hy water uit 'n diep put gepomp. Dit het beteken dat Wimbe se boere nie hoef te gewag het vir die reën nie – daar was altyd water vir hulle landerye!



Na 'n paar jaar het 'n joernalis Wimbe besoek en 'n storie in die koerant geskryf oor William se windpomp. Meer en meer mense in Malawi en die wêreld het geles van William se briljante gedagte.

William het 'n praatjie op video gegee om te verduidelik wat hy gedoen het, sodat mense reg oor die wêreld sy idee kon gebruik! Op die ou einde, was daar vreemdelinge wat so beïndruk was met William se kreatiwiteit, dat hulle hom betaal het om skool toe te gaan en later selfs universiteit toe!



William werk steeds hard om zeker te maak dat alle mense toegang het tot water en elektrisiteit.





Lees 1

Wat het William se eerste windpomp krag gegee?

Dit het krag gegee vir vier gloeilampe en 'n radio in hulle huis.

Wat het William se tweede windpomp krag gegee?

Dit het krag gegee vir 'n diep waterput, sodat die hele dorp water kon kry.

Hoekom wou William die probleem van elektrisiteit in sy gemeenskap oplos?

- Omdat hy saans wou lees.
- Omdat hy wou seker maak dat boere water vir hulle landerye het.
- Omdat hy almal in sy gemeenskap wou help – nie net homself nie.



Lees 2

Wat was die probleme wat William in die gesig gestaar het?

- Sy dorpie het nie elektrisiteit gehad nie.
- Daar was hongersnood in sy dorpie.
- Hy moes die skool verlaat.
- Hy kon nie behoorlike materiale vir sy windpomp kry nie.

Hoe het William uiteindelik terug gegaan skool toe?

Vreemdelinge het vir sy skoolfonds betaal toe hulle van sy windpomp gelees het.

Wat gebeur in die storie wat ons help om die afleiding te maak dat William slim en vasbeslote is?

- William hou aan om te lees en te leer, selfs al is hy nie meer in die skool nie.
- William het 'n prentjie van 'n windpomp gesien en besluit om dit te maak.
- William het gesoek na materiale vir sy windpomp op die skrootwerf.
- William het op die skrootwerf gesoek, selfs al is hy gespot.
- William het nie na een klein windpompie gestop nie – hy het 'n groot een gebou om almal te help!



VERHAAL 8

XOCHITL SE SONVERWARMER

Tema: Ons is ingenieurs



Agtergrondinligting

- Hierdie verhaal is gebaseer op feite.
- Dit speel af in Meksiko.
- Dit vind plaas in die onlangse hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders nog 'n voorbeeld bied van hoe ingenieurs hulle kreatiwiteit en verskillende materiale kan gebruik om probleme op te los en almal se lewe en die omgewing beter te maak.



Begripstrategie: Maak verbindings

- Wat is dit: Om te dink aan hoe die verhaal verband hou met jou eie lewe, ander boeke, of die wêreld.
- Waarom ons dit gebruik: Om die storie beter te verstaan, deur dit te verbind aan dinge wat ons reeds ken.
- Hoe dit help: Dit maak die verhaal meer betekenisvol en makliker om te onthou.



'n Paar punte om met u leerders te deel

- Ingenieurs sien probleme raak en probeer dit oplos. Onthou jy, in die vorige verhaal het William 'n windpomp gebou om water en elektrisiteit na sy dorp te bring. Ingenieurs kyk na probleme rondom hulle en dink aan maniere om mense te help.
- William het die wind gebruik om krag op te wek. In hierdie verhaal gebruik Xochitl die son as 'n bron van energie. Wind en sonlig is natuurlike en gratis energiebronne wat mense kan gebruik.
- Uitvindinge kan gemaak word van materiale wat herwin of weggegooi is. Net soos wat William afvalmateriaal gebruik het om sy windpomp te bou, het Xochitl ou plastiekbottels, tuinslange en hout gebruik om haar waterverwarmer te bou. Ingenieurs gebruik soms ou of ongebruikte materiale om iets nuuts en nuttigs te skep.
- Mense kap soms bome af om vuur te maak. Op sommige plekke brand mense hout om water te verhit of kos te kook. As te veel bome afgekap word, kan dit skadelik vir die omgewing wees.
- Jongmense kan 'n verskil maak! Jy hoef nie 'n grootmens te wees om probleme op te los nie. William was 'n tiener en Xochitl was maar net agt jaar oud. Albei het kreatiwiteit en vasberadenheid gebruik om hulle gemeenskappe te help.



Om hierdie strategie te gebruik:

Bladsy en paragraaf	Lees	Sê
221, 1	Een warm middag na skool, sien Xochitl op pad huis toe dat die skadubome weg is. Al langs die pad is die bome afgekap. “Wat het van al die bome geword?” wonder sy.	Ek onthou dat William opgemerk het dat mense sukkel om water vir hulle gewasse te kry tydens die droogte. Xochitl het opgemerk dat al die bome in haar gemeenskap weg was – en dat daar geen skadu langs die pad was nie. Ek kan ’n konneksie maak: beide William en Xochitl het ’n probleem in hulle gemeenskap raakgesien en besluit om dit te help oplos.
223, 1	Toe begin sy om gebruikte plastiekbottels, ou stukke glas, ou tuinslange en stukkies hout bymekaar te maak.	Beide William en Xochitl het weggooibare materiaal gebruik om mee te bou. Ek kan ’n konneksie maak: beide van hulle was kreatief en het aan nuwe maniere gedink om ou materiaal te gebruik.

Een warm middag na skool, sien Xochitl op pad huis toe dat die skadubome weg is. Al langs die pad is bome afgekap. “Waar is al die bome heen?” wonder sy.



Die volgende oggend, sien Xochitl hoe haar pa stompe op die vuur sit om warm water te maak vir hulle bad.

“Pappa, ons kap soveel bome af om water warm te maak om te kan bad!” sê Xochitl. “Is daar nie ’n ander manier vir ons gemeenskap om warm water te kry nie?” vra sy.

“Xochitl, ons het nie geld om ’n spoggerige waterverwarmer te koop nie, en ook nie ons bure nie!” antwoord haar pa.

“Wel, ek het besluit ek gaan ’n waterverwarmer maak wat al die mense in Chiapas kan bekostig,” sê sy vol selfvertroue.



Toe Xochitl daardie middag na skool by die huis kom, begin sy met haar projek. Eerste werk sy aan die ontwerp. Toe begin sy om gebruikte plastiekbottels, ou stukke glas, ou tuinslange en stukkies hout bymekaar te maak.




Na 'n paar weke, het Xochitl uiteindelik genoeg materiaal om mee te werk. Sy gebruik plastiekkabels om die tuinslang aan die plastiebottels vas te maak, sodat die bottels vol water in die son kan warm word. Toe, verf sy alles swart, want sy weet donker kleure trek die son aan.




Daarna help haar pa haar om 'n kis te bou vir haar uitvindsel. Die kis het 'n houtraam en glaspaneel om die hitte van die son vas te vang.

“Ek dink die son sal die water binne die kis warm genoeg maak om in te bad!” dink Xochitl saggies.



Die volgende oggend, voor Xochitl skool toe gaan, sit sy water in haar sonkrag-waterverwarmer. Die hele dag by die skool, wonder sy of haar uitvindsel gaan werk.



Na skool, hardloop sy huis toe om te gaan kyk wat gebeur het! Senuweeagtig maak sy die verwarmer oop en hou haar hand aan die punt van die tuinslang. Vuurwarm water spuit uit! Dit was so warm dat sy vinnig haar hand moes wegruk. “Ek het dit reggekry!” dink sy, terwyl sy haar pa nader roep.



“Kyk Pappa! Dit werk! Ek het ’n waterverwarmer gebou wat nie vuur gebruik nie en dit is nie duur nie. Dit gebruik ’n gratis en vrylik beskikbare energiebron: die son,” straal Xochitl. Sy neem haar pa se hand en hou dit onder die stroom stomende warm water.


“Sjoe!” roep haar pa uit. “Dit is ongelooflik!”



Toe Xochitl sien dat haar ontwerp werk, besluit sy om 'n groter een te bou – om genoeg water te maak vir haar hele familie om te bad.

“Waar moet ons dit sit?” vra haar pa toe hulle die groter weergawe klaar gebou het.

Xochitl dink aan die warmste plek moontlik. “Ek dink ons moet dit op die dak sit!” sê sy. “Op daardie manier kan die water warm word en dan afloop in ons huis in!” Van daardie dag af het Xochitl se familie genoeg warm water gehad om in te bad, skoon te maak en skottelgoed te was.



Die bure het die uitvindsel op Xochitl se familie se dak gesien. “Wat is dit?” het hulle nuuskierig gevra.

“Dit is ’n waterverwarmer wat met sonkrag werk!” het Xochitl se ma aangekondig. “Xochitl het dit gemaak van rommel wat sy opgetel het. Dit maak water warm van ’n gratis en vrylik beskikbare bron: die son!”

“Ek wil ook een hê!” het die bure gesê.

“Ek is moeg daarvoor om vuurmaakhout te soek!”



“Ons wil ook een hê, asseblief Xochitl!” het ’n ander familie gevra, “dit sal die lug in ons huis skoon hou.”

In Maart 2018, het Xochitl 'n toekenning gewen wat die “Erkenning van die Instituut vir Kernwetenskap vir Vroue” genoem word. Hierdie toekenning word gewoonlik aan volwassenes gegee, maar die Universiteit van Mexiko, wat aan haar die toekenning gegee het, het erkenning gegee vir die feit dat Xochitl iets wonderliks uitgedink het. Hulle wou Xochitl aanspoor om aan te gaan met haar wetenskaplike uitvindsels en om aan te hou om probleme vir die mense in haar gemeenskap op te los.





Lees 1

Wat het Xochitl gebou?

Sy het 'n waterverwarmer gebou wat met sonkrag werk. Eers het sy 'n klein een gebou en toe 'n groter een.

Watter materiale het Xochitl gebruik om die waterverwarmer te bou?

Sy het plastiekbottels, ou stukke glas, stukke ou tuinslange, stukkies hout en swart verf gebruik.

Watter konneksies kan jy maak tussen die materiale wat Xochitl gebruik het om haar verwarmer te maak, en die materiale wat William gebruik het om sy windpomp te maak?

Hulle het albei ou materiale gebruik – nie nuwe materiale nie. Hulle het albei materiale gebruik wat gratis was. Hulle het albei materiale gebruik wat iemand weggegooi het.



Lees 2

Sy het gesien dat mense in haar gemeenskap bome afkap om water warm te maak.

- Sy het gesien dat mense in haar gemeenskap nie waterverwarmers kon bekostig nie – hulle moes vuurmaakhout gebruik om water warm te maak.
- Sy het gesien dat bome in haar gemeenskap verdwyn, want mense het dit afgekap om water warm te maak.

Hoe het Xochitl die probleem opgelos?

- Sy het warm water gemaak uit rommel en swart verf.
- Sy het haar kreatiwiteit gebruik om 'n goedkoop verwarmer wat met sonkrag werk, te ontwerp.

Watter konneksies kan jy tussen Xochitl en William maak?

Ek kan hulle met mekaar verbind, want albei ...

